




DOKUMENT TITEL:		DOCUMENT TITLE:	
Grondwet van die Vryheidsfront Plus		Constitution of the Freedom Front Plus	
DOKUMENT KODE:	WEERGAWE:	DOCUMENT CODE:	VERSION:
VF-GW01	1.3.1	VF-GW01	1.3.1
SOORT DOKUMENT:	KATEGORIE:	TYPE OF DOCUMENT:	CATEGORY:
Grondwet		Constitution	
GOEDGEKEUR DEUR:		APPROVED BY:	
Federale Raad (2020/03/14)		Federal Council (2020/03/14)	
DATUM VAN KRAG:		EFFECTIVE DATE:	
14 Maart 2020		14 March 2020	





GRONDWET VAN DIE VRYHEIDSFRONT PLUS

1. ARTIKEL 1: NAAM

Die naam van die organisasie is DIE VRYHEIDSFRONT PLUS of VF Plus.

2. ARTIKEL 2: GRONDSLAG

Die Vryheidsfront Plus is gegrond op die Missie (artikel 3), Stigtingsgrondslag van die Vryheidsfront Plus (artikel 18.2.2), Beleid en Grondwet opgestel deur die Dagbestuur van die Federale Raad van die Vryheidsfront Plus en voorgelê en goedgekeur deur die Federale Raad van die Vryheidsfront Plus, soos gewysig.

3. ARTIKEL 3: MISSIE

Die Vryheidsfront Plus is onherroeplik verbind tot die verwesenliking van gemeenskappe, in die besonder die Afrikaner se internasionaal erkende reg op selfbeskikking, territoriaal en andersins, die handhawing, beskerming en uitbouing van hulle regte en belange, asook tot die bevordering van die reg op selfbeskikking vir alle gemeenskappe in Suid-Afrika gebind deur 'n gemeenskaplike taal- en kultuurerfenis.

4. ARTIKEL 4: REGSPERSOONLIKHEID VAN DIE VRYHEIDSFRONT PLUS

4.1. Die Vryheidsfront Plus is met regsbevoegdheid beklee wat deur die Federale Raad uitgeoefen word. Wanneer die Federale Raad nie in sitting is nie, beskik die Dagbestuur van die Federale Raad oor die bevoegdhede van die Federale Raad. In skriftelike opdrag van die Federale Raad, of Dagbestuur van die Federale Raad, of die Uitvoerende Dagbestuur kan enige persoon die Vryheidsfront Plus wettiglik verteenwoordig in enige hof of andersins.

CONSTITUTION OF THE FREEDOM FRONT PLUS

1. SECTION 1: NAME

The name of the organisation is THE FREEDOM FRONT PLUS or the FF PLUS.

2. SECTION 2: FOUNDATION

The Freedom Front Plus is founded on the Mission (Section 3), the Foundational Premise of the Freedom Front Plus (Section 18.2.2), the Policy and Constitution as compiled by the Federal Executive Management of the Federal Council of the Freedom Front Plus and tabled and adopted by the Federal Council of the Freedom Front Plus, as amended.

3. SECTION 3: MISSION

The Freedom Front Plus is irrevocably committed to the realisation of communities', in particular the Afrikaner's, internationally recognised right to self-determination, territorial or otherwise; the maintenance, protection and promotion of their rights and interests, as well as the promotion of the right of self-determination of any other community, bound by a common language and cultural heritage in South Africa.

4. SECTION 4: LEGAL PERSONALITY OF THE FREEDOM FRONT PLUS

4.1. The Freedom Front Plus is vested with legal capacity, which is exercised by the Federal Council. When the Federal Council is not in session, the Federal Management of the Federal Council exercises the powers of the Federal Council. On the written instruction of the Federal Council, the Federal Management of the Federal Council or the Executive Management, any person may legally represent the Freedom Front Plus in any court or otherwise.

4.2. Die Vryheidsfront Plus sal geregtig wees om beleggings te maak, lenings aan te gaan, roerende en onroerende bates aan te koop, te vervreem en te bewaar, bankrekeninge te open en in die algemeen alles te doen ter bevordering van die Vryheidsfront Plus se belange volgens die diskresie en besluitneming van sy bevoegde liggame.

4.3. Fondse en bates van die Vryheidsfront Plus in besit van die Federale Raad, Provinsiale Partyrade, Takke of elders is die onvervreembare eiendom van die Vryheidsfront Plus en mag nie vervreem word of vir enige ander doeleindes as die verwesenliking van die Missie van die Vryheidsfront Plus aangewend word nie. Die Federale Raad kan alle sodanige fondse en bates enige tyd ondersoek of laat ondersoek en/of opeis.

4.4. Alle dokumente van die Vryheidsfront Plus in besit van die Provinsiale Partyrade of Takke is die onvervreembare eiendom van die Vryheidsfront Plus en kan deur die Federale Raad opgeëis word.

5. ARTIKEL 5: STRUKTUUR VAN DIE VRYHEIDSFRONT PLUS

Organisatories funksioneer die Vryheidsfront Plus op 'n federale grondslag.

Die Struktuur van die Vryheidsfront Plus is soos volg:

- 5.1. Die Leier;
- 5.2. Die Uitvoerende Dagbestuur van die Federale Raad (Uitvoerende Dagbestuur);
- 5.3. Die Federale Raad met Dagbestuur (Federale Dagbestuur) en Komitees;
- 5.4. Die Federale Kongres;
- 5.5. Provinsiale Partyrade met dagbesture, komitees en belangegroepes;
- 5.6. Takke met Takbesture;
- 5.7. Ondersteuningsgroepe met sameroepers;
- 5.8. Lede van die Vryheidsfront Plus.

6. ARTIKEL 6: LEIER

6.1. Aan die hoof van die Vryheidsfront Plus staan die Leier;

4.2. The Freedom Front Plus has the right to make investments, to take out loans, to purchase, alienate and preserve movable and immovable assets, to open bank accounts and, in general, to do everything that would further the interests of the Freedom Front Plus according to the discretion and decisions of its competent bodies.

4.3. The funds and assets of the Freedom Front Plus that are in the possession of the Federal Council, Provincial Party Councils, Branches or elsewhere are the inalienable property of the Freedom Front Plus and may not be alienated or be used for any purposes other than accomplishing the Mission of the Freedom Front Plus. The Federal Council may at any time lay claim to and/or investigate or have the said funds and assets investigated.

4.4. All documents of the Freedom Front Plus that are in the possession of Provincial Party Councils or Branches are the inalienable property of the Freedom Front Plus and may be laid claim to by the Federal Council.

5. SECTION 5: STRUCTURE OF THE FREEDOM FRONT PLUS

Organisationally, the Freedom Front Plus functions on a federal foundation.

The structure of the Freedom Front Plus is as follows:

- 5.1. The Leader;
- 5.2. The Executive Management of the Federal Council (Executive Management);
- 5.3. The Federal Council with Management (Federal Management) and Committees;
- 5.4. The Federal Congress;
- 5.5. Provincial Party Councils with Executive Managements, committees and interest groups;
- 5.6. Branches with Branch Managements;
- 5.7. Support groups with conveners;
- 5.8. Members of the Freedom Front Plus.

6. SECTION 6: LEADER

6.1. At the helm of the Freedom Front Plus is the Leader;

6.2. Die Leier van die Vryheidsfront Plus het die volgende bevoegdhede:

6.2.1. Wanneer die Federale Raad of die Federale Kongres nie in sitting is nie, is die Leier, in oorleg met die Uitvoerende Dagbestuur, met die volle gesag en mag van die Federale Raad bekleed om behoudens die Beleid soos deur die Federale Raad aanvaar, sowel as die bevoegdhede verleen in Artikel 7.4.3 van hierdie Grondwet, met betrekking tot dringende aangeleenthede namens die Federale Raad te besluit en op te tree, onderworpe daaraan dat van sodanige besluite en optredes aan die eersvolgende Federale Dagbestuursvergadering verslag gedoen word;

6.2.2. Die Leier tree op as Voorsitter van die Uitvoerende Dagbestuur.

7. ARTIKEL 7: FEDERALE RAAD

7.1. Die Federale Raad is die hoogste gesag en Beleidmakende liggaam van die Vryheidsfront Plus;

7.2. Die Federale Raad word soos volg saamgestel:

7.2.1. Die Leier;

7.2.2. Die Voorsitter van die Vryheidsfront Plus wat ampshalwe as Voorsitter van die Federale Raad optree;

7.2.3. Partylede wat lede van die Parlement is (Nasionale Vergadering, sowel as die Nasionale Raad van Provinsies);

7.2.4. Partylede wat lede van die Provinsiale Wetgewers (Provinsiale Parlementslede) is;

7.2.5. Partylede as afgevaardigdes van die Provinsiale Partyrade, verkies tot die Federale Raad deur die onderskeie Partyrade, naamlik:

Gauteng	11
Vrystaat	11
Noord-Kaap	11
Mpumalanga	11
Noordwes	11
Wes-Kaap	11
Oos-Kaap	11
KwaZulu-Natal	11
Limpopo	11

6.2. The Leader of the Freedom Front Plus has the following powers:

6.2.1. When the Federal Council or the Federal Congress is not in session, the Leader, in consultation with the Executive Management, is vested with the full powers and authority of the Federal Council to, subject to the Policy adopted by the Federal Council and the powers granted in Section 7.4.3 of this Constitution, make decisions and take action on behalf of the Federal Council regarding urgent matters, on the condition that such decisions and actions are reported on at the next Federal Management meeting;

6.2.2. The Leader acts as the Chairperson of the Executive Management.

7. SECTION 7: FEDERAL COUNCIL

7.1. The Federal Council is the highest authority and the Policymaking body of the Freedom Front Plus;

7.2. The Federal Council is comprised as follows:

7.2.1. The Leader;

7.2.2. The Chairperson of the Freedom Front Plus who *ex officio* acts as Chairperson of the Federal Council;

7.2.3. Members of the Party who are also Members of Parliament (the National Assembly as well as the National Council of Provinces);

7.2.4. Members of the Party who are also Members of the Provincial Legislatures (Provincial Members of Parliament);

7.2.5. Members of the Party who are also delegates of the Provincial Party Councils, elected to the Federal Council by the respective Party Councils as follows:

Gauteng	11
Free State	11
Northern Cape	11
Mpumalanga	11
North West	11
Western Cape	11
Eastern Cape	11
KwaZulu-Natal	11
Limpopo	11

'n Provinsie is net op 'n elfde afgevaardigde, wat 'n jeuglid moet wees, geregtig indien sodanige provinsie 'n jeugstruktuur geskep het. Sodanige lid word deur die jeugstruktuur voorgestel en deur die Partyraad goedgekeur.

7.2.6. Vier (4) jeuglede aangewys deur die Jeugraad;

7.2.7. Elke Provinsiale Partyraad en die Jeugraad wys dieselfde hoeveelheid secundi aan vir hulle afgevaardigdes soos in Artikels 7.2.5 en 7.2.6 beoog. Hierdie secundi word in voorkeurorde gekies. Geen secundi word vir die res van die Federale Raadslede aangewys nie;

7.2.8. In geval van 'n vakature in die Federale Raad, word die vakature gevul deur dieselfde liggaam wat sodanige lid aangewys het;

7.2.9. Die Federale Raad moet driejaarliks reorganiseer gedurende Novembermaand van die betrokke jaar, tensy die Federale Raad kragtens Artikel 7.2.11 besluit dat die reorganisasie uitgestel word;

7.2.10. Provinsies wat nie voor einde November reorganiseer in die jaar van reorganisasie vir takke en provinsies nie, sal nie stemreg op daaropvolgende Federale raadsvergaderings of die Federale Raad se reorganisasievergadering hê vir solank hulle nie gereorganiseer is nie;

7.2.11. Die Federale Raad kan deur middel van 'n meerderheidsbesluit sy reorganisasievergadering met 'n tydperk van hoogstens twaalf maande uitstel;

7.3. HOOFSEKRETARIS

Die Federale Raad stel 'n Hoofsekretaris vir die Vryheidsfront Plus aan, asook alle sodanige amptenare as wat die Vryheidsfront Plus nodig ag. Die Hoofsekretaris is sekretaris van die Federale Raad, sy Dagbestuur en Komitees, asook van die Federale Kongres.

7.4. DIE FEDERALE RAAD HET DIE VOLGENDE BEVOEGDHEDE:

7.4.1. Die Federale Raad kan enige bestuur of liggaam van die Vryheidsfront Plus ontbind en kan die nodige stappe doen om so 'n bestuur of liggaam weer saam te stel;

A province is only entitled to an eleventh delegate, who must be a youth member, if the relevant province has established a youth structure. Such a member must be nominated by the youth structure and approved by the Party Council.

7.2.6. Four (4) youth members appointed by the Youth Council;

7.2.7. Every Provincial Party Council and Youth Council appoint the same number of secundi for their delegates, as stipulated in Sections 7.2.5 and 7.2.6. These secundi are elected in order of preference. No secundi are appointed for the rest of the Federal Council members;

7.2.8. In the case of a vacancy in the Federal Council, the vacancy must be filled by the same body that appointed the said member;

7.2.9. The Federal Council must reorganise every three years during the month of November of that particular year, unless the Federal Council has decided in terms of Section 7.2.11 that its reorganisation must be postponed;

7.2.10. Provinces that have not yet reorganised at the end of November in the reorganisations year for branches and provinces, will not have voting rights in the reorganisation meeting or any of the subsequent Federal Council meetings for as long as the provinces remain un-reorganised;

7.2.11. The Federal Council can postpone its reorganisation meeting once off for a maximum period of 12 months by means of a majority decision;

7.3. GENERAL SECRETARY

The Federal Council appoints a General Secretary for the Freedom Front Plus as well as all other officials that the Freedom Front Plus deems necessary. The General Secretary is the secretary of the Federal Council, the Federal Management and other Committees and the Federal Congress.

7.4. THE FEDERAL COUNCIL HAS THE FOLLOWING POWERS:

7.4.1. The Federal Council can dissolve any management structure or body of the Freedom Front Plus and can also take the necessary steps to reconstitute such a management structure or body;

7.4.2. Die Federale Raad het die reg om enige lid van die Vryheidsfront Plus van sy amp binne die strukture van die Party, of waar hy die Party verteenwoordig, te onthef. Die Federale Raad se beslissing is finaal;

7.4.3. Die Federale Raad is bevoeg om:

7.4.3.1. enige lid van die Vryheidsfront Plus se lidmaatskap, sonder voorafkenningsgewing, tydelik op te kort, hangende 'n verhoor deur die bevoegde tugliggaam;

7.4.3.2. enige sodanige lid van die Vryheidsfront Plus se lidmaatskap te beëindig;

7.4.3.3. enige ander tugstappe na goeddunke te neem.

7.4.4. Indien die Federale Raad nie in sitting is nie, word die bevoegdhede ingevolge Artikel 7.4.1 tot 7.4.3 van die Federale Raad deur die Federale Dagbestuur of die Uitvoerende Dagbestuur van die Federale Raad uitgeoefen;

7.4.5. Indien enigiets in die Grondwet van die Vryheidsfront Plus onduidelik, of vir meer as een interpretasie vatbaar is, beslis die Federale Raad daarvoor en sodanige beslissing is finaal;

7.4.6. Die Federale Raad kan van tyd tot tyd komitees of werkgroepe benoem om sake te ondersoek, of om die Federale Raad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy plicte. Sodanige komitees doen verslag aan die Federale Raad;

7.4.7. Permanente komitees van die Federale Raad.

Die Federale Raad stel driejaarliks by sy reorganisasievergadering komitees saam bestaande uit 'n Voorsitter en vier lede uit eie gelede verkies. Kandidate kan tydens die vergadering genomineer en gesecondeer word en elke provinsie kan 'n kandidaat, wat nie noodwendig vanuit daardie provinsie hoef te wees nie, vir die verkiesing van die vier komiteelede voorstel. Die Uitvoerende Dagbestuur kan op versoek van en in oorleg met die komitee hoogstens drie addisionele lede, wat lede van die Vryheidsfront Plus is, maar nie noodwendig van die Federale Raad nie, in die komitee aanstel.

7.4.2. The Federal Council has the power to relieve any member of the Freedom Front Plus from his/her office in the structures of the Party or where he/she represents the Party. The Federal Council's decision is final.

7.4.3. The Federal Council has the capacity to:

7.4.3.1. temporarily suspend the membership of any member of the Freedom Front Plus, without prior notice, pending a hearing by the competent disciplinary body;

7.4.3.2. terminate the membership of any such member of the Freedom Front Plus;

7.4.3.3. take, at its discretion, any other disciplinary steps.

7.4.4. When the Federal Council is not in session, the Federal Council's powers in terms of Sections 7.4.1 to 7.4.3 are exercised by the Federal Management or the Executive Management of the Federal Council;

7.4.5. If there is anything in the Freedom Front Plus's Constitution that is unclear or that is open to more than one interpretation, the Federal Council will decide on it and its decision is final;

7.4.6. The Federal Council may from time to time set up committees or task teams to investigate matters or to assist the Federal Council in performing its duties. Such committees and teams must report to the Federal Council;

7.4.7. Permanent Committees of the Federal Council:

Every three years during its reorganisation meeting, the Federal Council appoints its committees that comprise a Chairperson and four members elected from its own ranks. Candidates can be nominated and seconded in the meeting and every province may nominate a candidate, who does not necessarily have to be from that particular province, to be elected as one of the four members of the committee. The Executive Management may, on request of and in consultation with the relevant committee, appoint a maximum of three additional members to serve on the committee, these members must be members of the Freedom Front Plus, but not necessarily of the Party's Federal Council.

7.4.7.1. Finansiële Komitee

Die Finansiële Komitee hou toesig oor en doen verslag aan die Federale Raad oor die geldsake van die Vryheidsfront Plus en is verantwoordelik vir die beplanning en insameling van fondse vir die Vryheidsfront Plus;

7.4.7.2. Beleids- en Grondwetlike Komitee

Die Beleids- en Grondwetlike Komitee adviseer die Federale Raad oor alle Beleidsake en Grondwetlike aangeleenthede van die Vryheidsfront Plus;

7.4.7.3. Regskomitee

Die Regskomitee adviseer die Federale Raad ten opsigte van die interpretasie van hierdie Grondwet en verrig alle ander Take soos deur die Federale Raad en/of Federale Dagbestuur van tyd tot tyd versoek;

7.4.7.4. Administrasie- en Organisasiekomitee

Die Administrasie- en Organisasiekomitee is verantwoordelik vir die administratiewe en logistieke onderbou van die Federale Raad en al sy komitees, sowel as van die Federale Hoofkantoor van die Vryheidsfront Plus. Die Komitee is verder in oorleg met die Hoofswaep verantwoordelik vir die administratiewe en logistieke onderbou van die Parlementêre Kantoor van die Vryheidsfront Plus. Die Komitee is in oorleg met Provinsiale Leiers verantwoordelik vir die oorhoofse koördinerende van organisasie;

7.4.7.5. Inligtings- en Bemerkingskomitee

Die Inligtings- en Bemerkingskomitee adviseer die Federale Raad oor en is verantwoordelik vir die implementering van die Vryheidsfront Plus se inligtings- en bemerkingsprogram;

7.4.7.1. Financial Committee

The Financial Committee oversees and reports to the Federal Council regarding the Freedom Front Plus's financial matters and is responsible for the planning and raising of funds for the Freedom Front Plus;

7.4.7.2. Policy and Constitutional Committee

The Policy and Constitutional Committee advises the Federal Council regarding all Policy affairs and Constitutional matters of the Freedom Front Plus;

7.4.7.3. Legal Committee

The Legal Committee advises the Federal Council regarding the interpretation of this Constitution and performs all other Tasks as requested from time to time by the Federal Council and / or the Federal Management;

7.4.7.4. Administration and Organisation Committee

The Administration and Organisation Committee is responsible for the administrative and logistic foundation of the Federal Council and all its committees as well as the Federal Head Office of the Freedom Front Plus. Furthermore, the Committee, in consultation with the Chief Whip, is also responsible for the administrative and logistic foundation of the Parliamentary Office of the Freedom Front Plus. Lastly, the Committee, in consultation with the Provincial Leaders, is also responsible for the overarching coordination of the organisation;

7.4.7.5. Information and Marketing Committee

The Information and Marketing Committee advises the Federal Council regarding and is also responsible for the implementation of the Freedom Front Plus's information and marketing programme;

7.4.7.6. Strategiekomitee

Die Strategiekomitee adviseer die Federale Raad oor die Vryheidsfront Plus se strategiese opsies;

7.4.7.6. Strategy Committee

The Strategy Committee advises the Federal Council regarding the Freedom Front Plus's strategic options;

7.4.7.7. Plaaslike Regeringskomitee

Die Plaaslike Regeringskomitee adviseer die Federale Raad oor en is verantwoordelik vir die koördinerings van alle plaaslike regerings-aangeleenthede;

7.4.7.7. Local Government Committee

The Local Government Committee advises the Federal Council on and is responsible for coordinating all local government matters;

7.4.7.8. Buitelandse Verhoudinge- en Internasionaliseringkomitee

Die Buitelandse Verhoudinge- en Internasionaliseringkomitee is getaak met die internasionalisering van Afrikanerbelange en die vestiging en uitbouing van buitelandse verhoudinge vir die Afrikaner en die Vryheidsfront Plus;

7.4.7.8. Foreign Relations and Internationalisation Committee

The Foreign Relations and Internationalisation Committee is tasked with the internationalisation of Afrikaner interests as well as establishing and strengthening foreign relations for the Afrikaner and the Freedom Front Plus;

7.4.7.9. Navorsingskomitee

Die Navorsingskomitee is getaak om op wetenskaplike gronde, onder andere voortbestaansvraagstukke, minderheidsregte, vryheid, die bevordering van selfbeskikking en enige ander sake soos deur die Federale Raad versoek, te ondersoek en om studiestukke voor te berei waaruit gesaghebbende standpunte geformuleer kan word;

7.4.7.9. Research Committee

The Research Committee is tasked with scientifically investigating, among other things, survival issues, minority rights, freedom, the promotion of self-determination and any other matters as requested by the Federal Council and then to prepare scientifically grounded articles from which authoritative standpoints can be formulated;

7.4.7.10. Vroue Aangeleenthedekomitee

Die Vroue Aangeleenthedekomitee bevorder politieke betrokkenheid van vroue en dien ook as die Vryheidsfront Plus se skakel met ander vroue-organisasies en owerheidsprojekte wat gemik is op die bevordering van deelname en bemagtiging van vroue;

7.4.7.10. Women's Affairs Committee

The Women's Affairs Committee is responsible for promoting women's political participation and also serves as the Freedom Front Plus's liaison with other women's organisations and government programmes aimed at promoting the participation and empowerment of women;

7.4.8. By 'n vergadering van enige van die Komitees kragtens hierdie Artikel benoem, vorm die teenwoordige lede 'n kworum.

7.4.8. At a meeting of any of the Committees stipulated in terms of this Section, the members present constitute a quorum.

7.5. VERGADERING VAN DIE FEDERALE RAAD

- 7.5.1. Al die vergaderings van die Federale Raad word met skriflesing en gebed geopen en met 'n gebed afgesluit;
- 7.5.2. Die Federale Raad vergader so dikwels as wat hyself of die Federale Raad se Dagbestuur besluit, met dien verstande dat hy minstens drie keer per jaar moet vergader;
- 7.5.3. Wanneer minstens 33% van die lede van die Federale Dagbestuur of minstens 33% van die lede van die Federale Raad met vermelding van die name van die lede, skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering van die Federale Raad binne 14 dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne 14 dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;
- 7.5.4. Enige lid van die Federale Raad wat sonder voorafverkreë toestemming van die Voorsitter van die Vryheidsfront Plus of die Hoofsekretaris of sonder kondonاسie van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Federale Raad nie bywoon nie, hou ipso facto op om lid van die Federale Raad te wees;
- 7.5.5. 'n Meerderheid van die lede is 'n kworum;
- 7.5.6. In afwesigheid van die Voorsitter van die Federale Raad, kies die Federale Raad 'n Voorsitter vir die vergadering.

7.6. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FEDERALE RAAD

Die Federale Raad moet:

- 7.6.1. Indien hy dit wenslik ag, 'n Federale Kongres belê;
- 7.6.2. By sy reorganisasievergadering 'n Leier vir die Vryheidsfront Plus kies;
- 7.6.3. By sy reorganisasievergadering 'n Voorsitter kies;
- 7.6.3.1. Die Voorsitter neem waar as Leier in die volgende gevalle:
- 7.6.3.1.1. Wanneer die Leier in die buiteland is;

7.5. FEDERAL COUNCIL MEETINGS

- 7.5.1. All Federal Council meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;
- 7.5.2. The Federal Council convenes a meeting as often as it or the Federal Management determines, provided that it must convene a meeting at least three times a year;
- 7.5.3. When at least 33% of the members of the Federal Management and at least 33% of the members of the Federal Council request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a Federal Council meeting must be convened within 14 days. If a meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;
- 7.5.4. Any member of the Federal Council who fails to attend two consecutive Federal Council meetings without obtaining prior permission from the Chairperson of the Freedom Front Plus, the General Secretary or without condonation of absence thereafter, is *ipso facto* no longer a member of the Federal Council;
- 7.5.5. A majority of the members constitutes a quorum;
- 7.5.6. In the absence of the Chairperson of the Federal Council, the Federal Council will elect a Chairperson for that meeting.

7.6. DUTIES AND FUNCTIONS OF THE FEDERAL COUNCIL

The Federal Council must:

- 7.6.1. Convene a Federal Congress if it is deemed necessary;
- 7.6.2. Elect a Leader for the Freedom Front Plus at its reorganisation meeting;
- 7.6.3. Elect a Chairperson at its reorganisation meeting;
- 7.6.3.1. The Chairperson will act in a temporary capacity as the Leader in the following cases:
- 7.6.3.1.1. When the Leader is abroad;

- | | |
|---|---|
| <p>7.6.3.1.2. Wanneer die Leier na die mening van die Dagbestuur van die Federale Raad, vanweë siekte en aanverwante oorsake van siekte, nie in staat is om sy pligte as Leier na te kom nie, vir so lank as wat dit na die mening van die Dagbestuur van die Federale Raad die geval is;</p> | <p>7.6.3.1.2. When the Leader, in the opinion of the Federal Management, is unable to perform his / her duties as Leader due to illness and related causes of illness, for as long as the Federal Management deems it necessary;</p> |
| <p>7.6.3.1.3. Indien die Leier tot sterwe sou kom, of bedank, totdat 'n ander Leier verkies is;</p> | <p>7.6.3.1.3. In the case of the Leader's death or resignation until another Leader is elected;</p> |
| <p>7.6.3.1.4. Die Voorsitter is bekleed met die bevoegdheid van die Leier solank as wat hy waarneem as Leier.</p> | <p>7.6.3.1.4. The Chairperson is vested with the powers of the Leader for as long as he/she stands in for the Leader.</p> |
| <p>7.6.4. Uit sy lede 'n Dagbestuur, soos omskryf in Artikel 8.1 saamstel;</p> | <p>7.6.4. Establish a Federal Management, as stipulated in Section 8.1, from its own ranks;</p> |
| <p>7.6.5. Uit sy lede sy permanente Komitees soos artikel in 7.4.7.1 tot 7.4.7.10 omskryf, verkies;</p> | <p>7.6.5. Elect some of its own members to serve on the permanent Committees as stipulated in Sections 7.4.7.1 to 7.4.7.10</p> |
| <p>7.6.6. Verslae van die Federale Raad se Komitees bespreek en daarmee handel;</p> | <p>7.6.6. Discuss and deal with the reports from the Federal Council's Committees;</p> |
| <p>7.6.7. 'n Verslag van sy werksaamhede en van Partyaangeleenthede opstel;</p> | <p>7.6.7. Compile a report of its own activities as well as of Party affairs;</p> |
| <p>7.6.8. Die finansiële verslag van die Federale Raad oorweeg; 'n behoorlik geouditeerde staat van die Federale Raad se geldelike sake laat opstel; die geouditeerde state van die Provinsies nagaan, toesien dat die finansies van die Vryheidsfront Plus gesond is; en kontrole uitoefen oor alle bates van die Party.</p> | <p>7.6.8. Consider the Federal Council's financial report; have properly audited statements of the Federal Council's finances drawn up; check the audited statements of the Provinces; ensure that the finances of the Freedom Front Plus are in order; and exercise control over all the assets of the Freedom Front Plus;</p> |
| <p>7.6.9. Besluit oor die wyse en die subsidie-formule waarop bydraes deur die Provinsiale Partyrade aan die Federale Raad gedoen moet word. Die Federale Raad neem by oorweging hiervan, die aanbevelings van die Finansiële Komitee in ag;</p> | <p>7.6.9. Decide on the manner and the subsidy formula according to which Provincial Party Councils must make contributions to the Federal Council. When considering this, the Federal Council will take the recommendations made by the Financial Committee into consideration;</p> |
| <p>7.6.10. Die sakelys van die Federale Kongres opstel en, waar nodig, voorstelle aan die Federale Kongres voorlê;</p> | <p>7.6.10. Compile the agenda for the Federal Congress and, where necessary, put forward recommendations to the Federal Congress;</p> |
| <p>7.6.11. Die beskrywingspunte deur die Provinsiale Partyrade aan die Federale Kongres deurgestuurd en deur die Federale Raad gekeur, aan die Federale Kongres vir bespreking en aanbevelings voorlê;</p> | <p>7.6.11. Present the resolutions that the Provincial Party Councils submitted to the Federal Congress and that were selected by the Federal Council to the Federal Congress for discussion and recommendations;</p> |

- | | |
|--|---|
| 7.6.12. Die aanbevelings en beskrywingspunte van die Federale Kongres behandel en daarmee handel; | 7.6.12. Consider and deal with the recommendations and resolutions of the Federal Congress; |
| 7.6.13. Die Beleid van die Vryheidsfront Plus formuleer; | 7.6.13. Formulate the Policy of the Freedom Front Plus; |
| 7.6.14. Toesien dat die Beleid en Grondwet van die Vryheidsfront Plus in stand gehou en toegepas word; | 7.6.14. Ensure that the Policy and Constitution of the Freedom Front Plus are maintained and applied; |
| 7.6.15. Toesig hou oor al die verskillende ondergeskikte liggame en besture en oor die vervulling van hulle pligte; | 7.6.15. Oversee all the various subordinate bodies and management structures and the performing of their duties; |
| 7.6.16. Toesien dat Provinsiale Partyrade doeltreffend funksioneer; | 7.6.16. Ensure that the Provincial Party Councils function effectively; |
| 7.6.17. Die Provinsiale Partyrade inlig oor die afhandeling van beskrywingspunte soos deur die Federale Raad aanvaar; | 7.6.17. Inform the Provincial Party Councils of the finalisation of resolutions as they are passed by the Federal Council; |
| 7.6.18. Toesig hou oor die Federale Hoofkantoor en Parlementêre Kantoor; | 7.6.18. Oversee the Federal Head Office and the Parliamentary Office; |
| 7.6.19. Alles wat gewens of nodig is doen ter bevordering van die Missie, belange en organisasie van die Vryheidsfront Plus; | 7.6.19. Do everything that is advisable and necessary to promote the Mission, interests and organisation of the Freedom Front Plus; |
| 7.6.20. Skriftelike notules hou van sy werksaamhede en besluite; | 7.6.20. Take written minutes of its activities and decisions; |
| 7.6.21. 'n Etiese kode opstel waaraan alle ampsdraers van die Party gebonde is. | 7.6.21. Compile a Code of Ethics that all Party officials must adhere to. |

8. ARTIKEL 8: DAGBESTUUR VAN DIE FEDERALE RAAD

8.1. SAMESTELLING

Die Federale Raad moet by sy reorganisasievergadering 'n Dagbestuur soos volg saamstel:

- 8.1.1. Die Leier, die Voorsitter van die Federale Raad as Voorsitter van die Dagbestuur en die nege Provinsiale Leiers;
- 8.1.2. Die Voorsitters van die permanente Komitees van die Federale Raad, (kyk Artikels 7.4.7.1 tot 7.4.7.10);
- 8.1.3. Die Hoofswep van die Parlementêre Kookus van die Vryheidsfront Plus;
- 8.1.4. Die Nasionale Jeugleier.

8. SECTION 8: FEDERAL MANAGEMENT OF THE FEDERAL COUNCIL

8.1. COMPOSITION

With its reorganisation meeting, the Federal Council must establish an Executive Management as follows:

- 8.1.1. The Leader, the Chairperson of the Federal Council acting as the Chairperson of the Federal Management and the nine Provincial Leaders;
- 8.1.2. The Chairpersons of the permanent Committees of the Federal Council (see Sections 7.4.7.1 to 7.4.7.10);
- 8.1.3. The Chief Whip of the Parliamentary Caucus of the Freedom Front Plus;
- 8.1.4. The National Youth Leader.

8.2. VERGADERINGS VAN DIE DAGBESTUUR

- 8.2.1. Al die vergaderings van die Dagbestuur word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;
- 8.2.2. Die Dagbestuur vergader so dikwels as wat hyself, of die Uitvoerende Dagbestuur van die Federale Raad, of die Federale Raad besluit. Die Leier of die Voorsitter kan te eniger tyd 'n vergadering van die Dagbestuur belê;
- 8.2.3. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur met vermelding van hulle name skriftelik daarom vra, moet 'n vergadering van die Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne veertien dae gedoen word nie, het die lede die reg om self die vergadering te belê;
- 8.2.4. 'n Meerderheid van die lede is 'n kworum;
- 8.2.5. Wanneer die Federale Raad nie in sitting is nie, oefen die Dagbestuur sy bevoegdhede uit;
- 8.2.6. Die Dagbestuur doen aan die Federale Raad verslag oor sy werksaamhede, welke besluite deur die Federale Raad bekragtig moet word.

9. ARTIKEL 9: UITVOERENDE DAGBESTUUR VAN DIE FEDERALE RAAD**9.1. SAMESTELLING**

Die Dagbestuur moet binne veertien dae na die reorganisasievergadering van die Federale Raad uit sy eie geledere 'n Uitvoerende Dagbestuur soos volg saamstel:

- 9.1.1. Die Leier as Voorsitter;
- 9.1.2. Die Voorsitter van die Federale Raad;
- 9.1.3. Vyf addisionele Uitvoerende Dagbestuurslede verkies deur die Dagbestuur van die Federale Raad uit sy eie geledere;
- 9.1.4. Wanneer die Dagbestuur nie in sitting is nie, oefen die Uitvoerende Dagbestuur sy bevoegdhede uit;

8.2. FEDERAL MANAGEMENT MEETINGS

- 8.2.1. All Federal Management meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;
- 8.2.2. The Federal Management convenes a meeting as often as it or the Executive Management of the Federal Council or the Federal Council determines. The Leader or the Chairperson can convene a meeting of the Executive Committee at any time;
- 8.2.3. When at least 33% of the members of the Federal Management request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a meeting must be convened. If a meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;
- 8.2.4. A majority of the members constitutes a quorum;
- 8.2.5. When the Federal Council is not in session, the Federal Management exercises its powers;
- 8.2.6. The Federal Management reports to the Federal Council regarding its activities, its decisions must be ratified by the Federal Council.

9. SECTION 9: EXECUTIVE MANAGEMENT OF THE FEDERAL COUNCIL**9.1. COMPOSITION**

Within 14 days after the reorganisation meeting of the Federal Council, the Federal Management must establish a Executive Management with members from its own ranks as follows:

- 9.1.1. The Leader as Chairperson;
- 9.1.2. The Chairperson of the Federal Council;
- 9.1.3. Five additional Executive Management members elected by the Federal Management from its own ranks;
- 9.1.4. When the Federal Management is not in session, the Executive Management exercises its powers;

9.1.5. Die Uitvoerende Dagbestuur is gemoeid met die dag tot dag funksionering van die Vryheidsfront Plus en doen verslag aan die Dagbestuur oor sy werksaamhede;

9.1.6. Die Uitvoerende Dagbestuur kan enige lid van die Dagbestuur van die Federale Raad vir doeleindes van 'n spesifieke punt op die sakelys versoek om die betrokke vergadering by te woon;

9.1.7. Die Leier as Voorsitter het 'n gewone stem in vergaderings van die Uitvoerende Dagbestuur en beskik oor 'n verdere beslissende stem in die geval van 'n staking van stemme.

9.1.5. The Executive Management is tasked with managing the day-to-day functioning of the Freedom Front Plus and reports to the Federal Management regarding its activities;

9.1.6. The Executive Management can instruct any member of the Federal Management to attend one of its meetings for the sake of addressing a specific point on the agenda;

9.1.7. As Chairperson, the Leader has an ordinary vote in Executive Management meetings and furthermore, also has a casting vote in the case of a tie of votes.

10. ARTIKEL 10: FEDERALE KONGRES

10.1. 'n Federale Kongres van die Vryheidsfront Plus word wanneer wenslik gehou op 'n plek en tyd deur die Federale Raad bepaal.

10.2. SAMESTELLING

Die Federale Kongres word soos volg saamgestel:

10.2.1. Die lede van die Federale Raad;

10.2.2. 'n Maksimum van vyftig afgevaardigdes van elke Provinsie of hulle secundi tensy die Federale Raad besluit op meer afgevaardigdes.

10.3. AMPSDRAERS

Ampsdraers van die Federale Raad is ook ampsdraers van die Federale Kongres.

10.4. GELOOFSBRIEF EN KWORUM

10.4.1. Afgevaardigdes na die Federale Kongres moet 'n geloofsbrief, onderteken deur die Voorsitter van die Provinsiale Partyraad indien as bewys dat hulle wettige afgevaardigdes van die Provinsie is;

10.4.2. Die aanwesige afgevaardigdes by die Federale Kongres is 'n kworum.

10.5. SAKELYS

Die Sakelys van die Federale Kongres word deur die Federale Raad opgestel en bestaan uit:

10.5.1. Verslae van die Federale Raad en Komitees van die Federale Raad, soos deur die Grondwet vereis;

10. SECTION 10: FEDERAL CONGRESS

10.1. A Federal Congress of the Freedom Front Plus is held when advisable at a time and place as determined by the Federal Council.

10.2. COMPOSITION

The Federal Congress is composed as follows:

10.2.1. The members of the Federal Council;

10.2.2. A Maximum of 50 delegates from every Province or their secundi, unless the Federal Council decides on more delegates.

10.3. OFFICIALS

The officials of the Federal Council are also the officials of the Federal Congress.

10.4. CREDENTIAL LETTER AND QUORUM

10.4.1. Delegates who attend the Federal Congress must submit a letter of credence, signed by the Chairperson of the relevant Provincial Party Council, as proof that they are official delegates of the Province;

10.4.2. The delegates present at the Federal Congress constitute a quorum.

10.5. AGENDA

The Agenda of the Federal Congress is compiled by the Federal Council and comprises:

10.5.1. Reports by the Federal Council and Committees of the Federal Council as required by the Constitution;

10.5.2. 'n Behoorlike geouditeerde staat van die Federale Raad se finansies;

10.5.3. Sake en beskrywingspunte deur die Partyrade voorgelê soos bepaal deur Artikel 7.6.12;

10.5.4. Enige ander sake van belang op die Sakelys geplaas deur die Federale Raad.

10.6. WERKSAAMHEDE

Die werksaamhede van die Federale Kongres is om:

10.6.1. Beskrywingspunte te behandel en daarvoor aanbevelings aan die Federale Raad te maak;

10.6.2. Ander sake wat op die Sakelys voorkom, te bespreek en daarvoor aanbevelings aan die Federale Raad te maak;

10.6.3. Enige sake van Partybelang te behandel;

10.6.4. Skriftelike notules van sy werksaamhede en besluite tehou.

11. ARTIKEL 11: REGLEMENT VAN ORDE VIR KONGRESSE

11.1. Opening en afsluiting

Elke Kongres word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit.

11.2. Program vir werksaamhede

11.2.1. Die Kongres stel aan die begin sy sittingsure vas;

11.2.2. Die tydsbeperking vir afgevaardigdes wat aan die besprekings deelneem, word aan die oordeel van die Voorsitter oorgelaat.

11.3. Handhawing van orde

Elke persoon wat 'n sitting van die Kongres bywoon, moet agting en gehoorsaamheid aan die Voorsitter bewys. Ingeval 'n persoon hom wanordelik gedra, kan die Voorsitter besluit hoe met sodanige persoon gehandel moet word.

10.5.2. Properly audited statements of the Federal Council's finances;

10.5.3. Matters and resolutions submitted by the Party Councils as determined in Section 7.6.12;

10.5.4. Any other important matters placed on the Agenda by the Federal Council.

10.6. FUNCTIONS

The Functions of the Federal Congress include:

10.6.1. Considering resolutions and making recommendations to the Federal Council regarding the said resolutions;

10.6.2. Discussing the other matters on the Agenda and making recommendations to the Federal Council regarding the said matters.

10.6.3. Handling any matters of interest or benefit to the Party;

10.6.4. Taking written minutes of its activities and decisions.

11. SECTION 11: STANDING RULES OF ORDER FOR CONGRESS

11.1. Opening and Closing

Every Congress is opened with a prayer and Scripture reading and is closed with a prayer.

11.2. Programme for Proceedings

11.2.1. At the beginning, Congress determines its session hours;

11.2.2. The time limit for delegates who participate in the discussions is left to the discretion of the Chairperson.

11.3. Maintaining Order

Every person who attends a session of Congress must honour and obey the Chairperson. In the case of a person behaving in a disorderly fashion, the Chairperson may decide what action should be taken against that person.

11.4. Bespreking

- 11.4.1. Een van die afgevaardigdes deur sy Tak, Partyraad of Federale Raad daartoe aangewys, moet die bespreking van 'n beskrywingspunt(e) of 'n voorstel(le) wat op die sakelys voorkom, inlei;
- 11.4.2. Elke Inleier het die reg om aan die einde van die bespreking repliek te lewer;
- 11.4.3. Behoudens die bepalings van artikel 11.4.2 en behoudens spesiale verlof deur die Voorsitter, mag 'n kongreslid net een maal oor 'n punt praat.
- 11.4.4. As twee of meer persone gelyk opstaan om te praat, moet die Voorsitter bepaal wie eerste aan die woord is. Die beslissing berus by die Voorsitter en is finaal.

11.5. Mosies en voorstelle

- 11.5.1. Sodra 'n punt of mosie na die oordeel van die Voorsitter voldoende bespreek is, kan 'n voorstel geformuleer word en vir oorweging na die Federale Raad verwys word;
- 11.5.2. Stemming oor die formulering van die voorstel geskied deur die opsteek van hande, maar as 20% afgevaardigdes daarom vra, moet dit met geslote stembrief geskied;
- 11.5.3. 'n Kongreslid kan dadelik na die stemming en sonder opgaaf van redes versoek dat in die Notule aangeteken moet word dat hy of sy teen 'n besluit gestem het. So 'n versoek word dadelik na die besluit skriftelik aan die Hoofsekretaris gerig;
- 11.5.4. Alle mosies of voorstelle, behoudens ordemosies en mosies dat die Kongres in komitee moet gaan, moet skriftelik ingedien word en kan deur die voorsteller toegelig word. Bespreking deur die Kongres vind plaas nadat dit gesecondeer is;
- 11.5.5. 'n Ordemosie moet dadelik, na toeligtig deur die voorsteller, tot stemming gebring word;
- 11.5.6. Die Voorsitter beslis of dit wel 'n ordemosie is of nie;
- 11.5.7. Amendemente kan op mosies of voorstelle ingedien word en geskied skriftelik.

11.4. Discussion

- 11.4.1. One of the delegates, appointed by his / her Branch or Party Council or the Federal Council for this purpose, must open the discussion of the resolution(s) and proposal(s) on the Agenda;
- 11.4.2. Every opener has the right to deliver a reply at the end of the discussion;
- 11.4.3. Subject to the stipulations of Section 11.4.2 and dependent on special leave granted by the Chairperson, a member of Congress may only speak on a matter once;
- 11.4.4. When two or more people simultaneously stand up to speak, the Chairperson must decide who will speak first. The decision rests with the Chairperson and is final.

11.5. Motions and Proposals

- 11.5.1. As soon as a resolution or motion has been sufficiently discussed, in the opinion of the Chairperson, a proposal can be formulated and referred to the Federal Council for consideration;
- 11.5.2. Voting on the formulation of the proposal is done by a raise of hands, but if 20% of the delegates request it, it must be done by means of a closed ballot;
- 11.5.3. A member of Congress may, immediately after voting has taken place and without providing any reasons, request that it must be recorded in the minutes that he / she voted against a decision. This request is addressed to the General Secretary in writing immediately after the decision was taken;
- 11.5.4. All motions or proposals, except for motions of procedure and motions for Congress to go into committee, must be submitted in writing and may be further clarified by the person making the proposal. Congress will discuss it after it was seconded;
- 11.5.5. A motion of procedure must be brought to vote immediately after the proposer clarified it;
- 11.5.6. The Chairperson will determine whether it is indeed a motion of procedure or not;
- 11.5.7. Amendments to motions or proposals may be submitted and must be in writing.

11.6. Algemeen

- 11.6.1. In gevalle waarvoor die Reglement nie voorsiening maak nie, moet die Voorsitter na goeëdunke handel onderworpe aan 'n beslissing met meerderheid van stemme deur die Kongres self;
- 11.6.2. Hierdie Reglement kan deur die Federale Raad met 'n gewone meerderheid gewysig word;
- 11.6.3. Hierdie Reglement van orde is van toepassing op die Federale Kongres, sowel as op die Kongresse van enige Provinsie.

12. ARTIKEL 12: PROVINSIALE PARTYRADE**12.1. SAMESTELLING**

- 12.1.1. Vir elke Provinsie word 'n Partyraad saamgestel;
- 12.1.2. Die Partyraad van 'n Provinsie word soos volg saamgestel:
- 12.1.2.1. Die Leier van die Provinsie verkies deur die Provinsiale Partyraad wat ook optree as Voorsitter van die Partyraad;
- 12.1.2.2. Die twee Ondervoorsitters van die Provinsiale Partyraad verkies deur die Provinsiale Partyraad, alle lede van die Nasionale Vergadering, Nasionale Raad van Provinsies en die Provinsiale Parlement wat in die Provinsie woonagtig is;
- 12.1.2.3. Soveel verteenwoordigers van elke Tak of hulle secundi soos wat elke Provinsiale Partyraad self vasstel;
- 12.1.2.4. Soveel verteenwoordigers van elke ondersteunersgroep of hulle secundi as waarnemers soos wat elke Provinsiale Partyraad self vasstel;
- 12.1.2.5. Wanneer 'n lid van die Partyraad, om grondige redes nie 'n vergadering kan bywoon nie, woon die behoorlike verkose secundus van so 'n lid die vergadering by;

11.6. General

- 11.6.1. With cases that the Rules of Order do not make provision for, the Chairperson must use his / her discretion, subject to a decision, with a majority of votes, by Congress itself;
- 11.6.2. These Rules of Order can be amended by the Federal Council by means of an ordinary majority;
- 11.6.3. These Rules of Order apply to the Federal Congress as well as the Congresses of any of the Provinces.

12. SECTION 12: PROVINCIAL PARTY COUNCILS**12.1. COMPOSITION**

- 12.1.1. A Party Council is established for every Province;
- 12.1.2. The Party Council of a Province is composed as follows:
- 12.1.2.1. The Leader of the Province elected by the Provincial Party Council who also acts as the Chairperson of the Party Council;
- 12.1.2.2. The two Deputy Chairpersons elected by the Provincial Party Council, all members of the National Assembly, National Council of Provinces and the Provincial Parliament who reside in the Province;
- 12.1.2.3. As many representatives of every Branch or their secundi as determined by every Provincial Party Council itself;
- 12.1.2.4. As many representatives of every support group or their secundi as observers as determined by every Provincial Party Council itself;
- 12.1.2.5. When a member of a Party Council is unable to attend a meeting due to valid reasons, the properly elected secundi of that member must attend the meeting;

<p>12.1.2.6. Die Provinsiale Partyrade moet driejaarliks reorganiseer gedurende November van die jaar voor die jaar waarin die Federale Raad reorganiseer. Takke wat nie voor die einde van September van daardie jaar gereorganiseer is nie, sal nie stemreg op die reorganisasievergadering hê of op enige daaropvolgende Partyraadsvergadering vir solank hulle nie gereorganiseer is nie;</p>	<p>12.1.2.6. Provincial Party Councils reorganise every three years no later than 14 days prior to the reorganisation date of the Federal Council. Branches that have not reorganised before the reorganisation meeting of the Party Council, will not have voting rights in the reorganisation meeting or any of the subsequent Party Council meetings for as long as the Branches remain un-reorganised;</p>
<p>12.1.2.7. Die Partyraad kies uit sy lede 'n Dagbestuur;</p>	<p>12.1.2.7. The Party Council must elect some of its own members to serve on a Executive Management;</p>
<p>12.1.2.8. Die Partyraad stel sodanige amptenare as wat die Partyraad mag nodig ag, aan.</p>	<p>12.1.2.8. The Party Council appoints such officials as it may deem necessary.</p>
<p>12.2. BEVOEGDHEDE VAN PROVINSIALE PARTYRADE</p>	<p>12.2. POWERS OF PROVINCIAL PARTY COUNCILS</p>
<p>12.2.1. 'n Provinsiale Partyraad is die hoogste gesag van die provinsie en reël die organisasie en administrasie in die Provinsie;</p>	<p>12.2.1. A Provincial Party Council is the highest authority in the province and controls the Province's administration and organisation.</p>
<p>12.2.2. Provinsiale Partyrade kan na goeë dunde jaarliks 'n Provinsiale Kongres hou om sake en beskrywingspunte te oorweeg vir verwysing na die Federale Raad;</p>	<p>12.2.2. Provincial Party Councils may hold annual Congresses at their own discretion to discuss and consider matters and resolutions to be referred to the Federal Council;</p>
<p>12.2.3. Die Provinsiale Partyraad kan jaarliks 'n minimum bedrag as aanslag op Takke in die Provinsie hef en wel vir die nakoming van die provinsie se administrasie en verpligting teenoor die Federale Raad;</p>	<p>12.2.3. Provincial Party Councils may levy an assessment of a minimum annual amount on Branches in the Province for compliance with the province's administration and its obligation to the Federal Council;</p>
<p>12.2.4. Elke Provinsiale Partyraad kan uit sy lede dieselfde komitees as die Federale Raad instel indien die Partyraad dit nodig ag. Sodanige komitee se Voorsitter en lede word deur die Partyraad verkies;</p>	<p>12.2.4. Every Provincial Party Council may establish, from its own ranks, the same committees as the Federal Council if the Provincial Party Council deems it necessary. The Chairperson and members who serve on the said committees are elected by the Party Council;</p>
<p>12.2.5. Die Provinsiale Partyraad, sy Dagbestuur of die Provinsiale Leier kan 'n vergadering van 'n Takbestuur belê;</p>	<p>12.2.5. The Provincial Party Council, its Executive Management or the Provincial Leader may convene a Branch Management meeting;</p>
<p>12.2.6. Die Provinsiale Partyraad moet alle sake in verband met verkiesings in die Provinsie reël, hetsy nasionaal, provinsiaal of plaaslik;</p>	<p>12.2.6. The Provincial Party Council must make all arrangements relating to elections in the Province, whether national, provincial or local;</p>
<p>12.2.7. Provinsiale Partyrade moet toesien dat die prosedure vir die aanwysing van kandidate soos deur die Federale Raad bepaal, nageset nagekom word;</p>	<p>12.2.7. Provincial Party Councils must ensure that the procedure for the appointment of candidates, as determined by the Federal Council, is closely adhered to;</p>

12.2.8. Die Provinsiale Partyraad is verantwoordelik vir die behoorlike finansiële bestuur van die Vryheidsfront Plus se finansies in die Provinsie en die bepalings van Artikels 4.3 is *mutatus mutandis* van toepassing op die Partyraad;

12.2.9. Die bepalings van Artikels 7.4.1, 7.4.2 en 7.4.3 ten opsigte van die Federale Raad is *mutatus mutandis* van toepassing op die Provinsiale Partyrade, ten opsigte van sy eie Provinsie, behalwe dat die beslissing nie finaal is nie, aangesien die reg tot appèl tot die Federale Raad bestaan;

12.2.10. Die Provinsiale Partyrade kan van tyd tot tyd komitees of werkgroepe benoem om sake te ondersoek of om die Partyraad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy pligte. Sodanige komitees doen verslag aan die Partyraad en het geen besluitnemingsbevoegdheid nie.

12.3. VERGADERINGS VAN PROVINSIALE PARTYRADE

12.3.1. Al die vergaderings van die Provinsiale Partyrade word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;

12.3.2. Die Provinsiale Partyraad vergader so dikwels as wat hyself of so dikwels as wat die Dagbestuur besluit, met dien verstande dat hy minstens drie keer per jaar moet vergader;

12.3.3. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur of minstens 33% van die lede van die Provinsiale Partyraad met vermelding van hulle name skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering binne veertien dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne veertien dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;

12.3.4. Enige lid van die Provinsiale Partyraad wat, sonder voorafverkreë verlof of sonder kondonasië van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Partyraad nie bywoon nie, hou *ipso facto* op om lid van die Partyraad te wees.

12.3.5. 'n Meerderheid van die lede van die Provinsiale Partyraad is 'n kworum.

12.2.8. The Provincial Party Council is responsible for the proper financial management of the Freedom Front Plus's finances in the Province and the stipulations as set out in Section 4.3 apply *mutatus mutandis* to the Party Council;

12.2.9. The stipulations as set out in Sections 7.4.1, 7.4.2 and 7.4.3 with regard to the Federal Council apply *mutatus mutandis* to the Party Councils as regards its own Province, with the exception of the decision not being final seeing as the right to appeal to the Federal Council exists;

12.2.10. The Provincial Party Councils may from time to time set up committees or task teams to investigate matters or to assist the Party Council in performing its duties. Such committees and teams must report to the Party Council and have no decision-making capacity.

12.3. PROVINCIAL PARTY COUNCIL MEETINGS

12.3.1. All Provincial Party Council meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;

12.3.2. The Provincial Party Council convenes a meeting as often as it or the Provincial Party Council's Executive Management determines, provided that it must convene a meeting at least three times a year;

12.3.3. When at least 33% of the members of the Executive Management or at least 33% of the members of the Provincial Party Council request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a meeting must be convened within 14 days. If a meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

12.3.4. Any member of the Provincial Party Council who fails to attend two consecutive Party Council meetings, without obtaining prior permission or without condonation of absence thereafter, is *ipso facto* no longer a member of the Party Council;

12.3.5. A majority of the members of the Provincial Party Council constitutes a quorum;

12.4. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN PROVINSIALE PARTYRADE

12.4.1. Provinsiale Partyrade kan na goedduke jaarliks 'n Provinsiale Kongres hou om:

12.4.1.1. Sake van provinsiale belang te bespreek;

12.4.1.2. Aanbevelings oor beleid, strategie en administrasie of enige ander saak wat die Kongres goedkeur, aan die Federale Raad te maak;

12.4.1.3. Verslag te doen aan die Provinsie oor die werksaamhede van die Provinsiale Partyraad en sy Komitees;

12.4.2. Die Provinsiale Partyraad moet sorg dat Takke in die provinsie gestig word en toesien dat alle Takke by die Federale Hoofkantoor geregistreer word;

12.4.3. Die Provinsiale Partyraad moet nuut gestigte Takke goed- of afkeur;

12.4.4. Elke Provinsiale Partyraad moet alle sake in verband met die benoeming van kandidate vir stadsrade soos vasgestel in die verkiesingsprosedure, waarneem. Die Provinsiale Partyraad kan dan, nadat oor die nominasieprosedure besluit is, aan sy Takke en lede met betrekking tot die persone wat hulle as kandidate aanbeveel, leiding gee;

12.4.5. Elke Provinsiale Partyraad moet die belange van die Party in sy provinsie deeglik behartig in oorleg met die Takbesture;

12.4.6. Die Provinsiale Partyraad moet toesig hou oor die finansies van Takbesture en volgens diskresie die finansiële boeke opeis en ouditeer.

12.4.7. Elke Provinsiale Partyraad moet sodanige pligte vervul en sodanige werk verrig as wat die Grondwet en die Provinsiale Partyraad mag bepaal;

12.4.8. Die Provinsiale Partyraad is verantwoordelik vir die organisasie, fondsinsameling, propaganda en uitbouing van die Party in die Provinsie;

12.4. DUTIES AND FUNCTIONS OF PROVINCIAL PARTY COUNCILS

12.4.1. Provincial Party Councils may, at their discretion, hold a Provincial Congress annually to:

12.4.1.1. Discuss matters of importance to the Province;

12.4.1.2. Make recommendations to the Federal Council regarding policy, strategy and administration or any other matter that is approved by Congress;

12.4.1.3. Report to the Province about the Provincial Party Council's activities and its Committees;

12.4.2. The Provincial Party Council must see to it that Branches are founded in the province and must ensure that all Branches are registered with the Federal Head Office;

12.4.3. The Provincial Party Council must approve or reject newly founded Branches;

12.4.4. The Provincial Party Council must oversee all matters relating to the nomination and appointment of candidates for city councils as determined by the election procedure. The Provincial Party Council can then, after deciding on the appropriate nomination procedure, offer guidance to its Branches and members with regard to the persons who they recommended as candidates;

12.4.5. The Provincial Party Council must thoroughly attend to the affairs of the Party in its province in consultation with the Branch Managements;

12.4.6. The Provincial Party Council must oversee the Branch Managements' finances and may lay claim to the financial records and have them audited at its discretion;

12.4.7. Every Provincial Party Council must perform all such duties and do all such work as may be determined by the Constitution and the Provincial Party Council;

12.4.8. The Provincial Party Council is responsible for the organisation, collection of funds, propaganda and the promotion of the Party in the Province;

12.4.9. Die Provinsiale Partyraad is verantwoordelik vir die registrasie van lede, Takke en die Provinsiale Partyraad by Federale Hoofkantoor.

12.4.9. The Provincial Party Council is responsible for registering members, Branches and the Provincial Party Council at the Federal Head Office;

13. ARTIKEL 13: DAGBESTUUR VAN DIE PROVINSIALE PARTYRAAD

13. SECTION 13: MANAGEMENT OF THE PROVINCIAL PARTY COUNCIL

13.1. Die Provinsiale Partyraad moet driejaarliks ooreenkomstig artikel 12.1.2.6 reorganiseer en by sy reorganisasie uit sy lede 'n Dagbestuur soos volg verkies:

13.1. The Provincial Party Council must reorganise every three years in accordance with Section 12.1.2.6 and during its reorganisation, elect from its own ranks a Management as follows:

13.1.1. Die Provinsiale Leier wat ook optree as die Voorsitter van die Provinsiale Partyraad;

13.1.1. The Provincial Leader who also acts as the Chairperson of the Provincial Party Council;

13.1.2. Twee Ondervoorsitters;

13.1.2. Two Deputy Chairpersons;

13.1.3. Soveel addisionele lede op die Provinsiale Dagbestuur as wat die Provinsiale Partyraad mag besluit tot 'n maksimum van tien lede;

13.1.3. As many additional members serving on the Provincial Management as may be determined by the Provincial Party Council, up to a maximum of ten members;

13.1.4. Twee jeuglede.

13.1.4. Two youth members.

13.2. BEVOEGDHEDE VAN DIE PROVINSIALE DAGBESTUUR

13.2. POWERS OF THE PROVINCIAL MANAGEMENT

13.2.1. Die Provinsiale Dagbestuur beskik oor die bevoegdheede van die Provinsiale Partyraad wanneer laasgenoemde nie in sitting is nie;

13.2.1. The Provincial Management exercises the powers of the Provincial Party Council when the latter is not in session;

13.2.2. Die Dagbestuur van die Provinsiale Partyraad stel sodanige amptenare aan as wat hy mag nodig ag en kan bekostig. Die posomsyrywing van die provinsiale amptenare word van tyd tot tyd deur die Provinsiale Dagbestuur bepaal;

13.2.2. The Executive Management of the Provincial Party Council appoints such officials as it may deem necessary and that it can afford. The job description of the provincial officials is determined by the Provincial Executive Management from time to time;

13.3. VERGADERINGS VAN DIE PROVINSIALE DAGBESTUUR

13.3. PROVINCIAL MANAGEMENT MEETINGS

13.3.1. Al die vergaderings van die Provinsiale Dagbestuur word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;

13.3.1. All Provincial Management meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;

13.3.2. Die Provinsiale Dagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is en vergaderings van die Dagbestuur word belê deur die Provinsiale Partyraad en/of die Dagbestuur en/of die Voorsitter van die Dagbestuur;

13.3.2. The Provincial Management meets as often as is necessary and Provincial Management meetings are convened by the Provincial Party Council and / or the Management and / or the Chairperson of the Management;

13.3.3. Wanneer minstens 20% van die lede van die Dagbestuur met vermelding van die name van die lede skriftelik daarom vra, moet 'n vergadering van die Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne veertien dae gedoen word nie, het die lede die reg om self die vergadering te belê;

13.3.4. 'n Meerderheid van die lede van die Provinsiale Dagbestuur is 'n kworum;

13.3.5. Die Dagbestuur doen aan die Provinsiale Partyraad verslag oor sy werksaamhede.

14. ARTIKEL 14: STREEKSINDELING

14.1. Die Provinsiale Partyraad kan die Provinsie vir praktiese, informele skakelings doeleindes in soveel streke indeel soos wat nodig geag word.

15. ARTIKEL 15: TAKKE

15.1. STIGTING VAN TAKKE

15.1.1. Takke vorm die basis van die Vryheidsfront Plus se organisasie en daarom is die voortdurende stig van Takke van die uiterste belang;

15.1.2. Een Tak kan in twee of meer verdeel of twee of meer Takke kan amalgameer, mits die meerderheid van die aanwesige lede daartoe besluit en met dien verstande dat sodanige besluit slegs van krag word as en sodra die Provinsiale Partyraad dit goedgekeur het en wel op sodanige voorwaardes as wat laasgenoemde wenslik ag;

15.1.3. By die stigting van 'n nuwe Tak of by die reorganisasie van 'n Tak, hetsy na onderverdeling of amalgamasie, moet die Voorsitter van die vergadering eers geleentheid gee aan die aanwesige persone wat nog nie by die Vryheidsfront Plus aangesluit het nie om hulle aansoeke om lidmaatskap te voltooi en as lede goedgekeur te word, waarna die vergadering gekonstitueer word met alle aanwesige ingeskrewe gewone en aktiewe lede as stemgeregtigdes vir die verkiesing van ampsdraers van 'n Tak;

13.3.3. When at least 20% of the members of the Management request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a meeting must be convened within 14 days. If a meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

13.3.4. A majority of the members of the Provincial Management constitutes a quorum;

13.3.5. The Provincial Management reports to the Provincial Party Council about its activities.

14. SECTION 14: REGIONAL DIVISION

14.1. For the sake of practical and informal liaison purposes, the Provincial Party Council may divide a Province into as many regions as is deemed necessary.

15. SECTION 15: BRANCHES

15.1. FOUNDING OF BRANCHES

15.1.1. Branches form the foundation of the Freedom Front Plus's organisation and, therefore, it is of the utmost importance to continually establish new Branches;

15.1.2. One Branch may divide into two or more Branches or various Branches can merge on condition that the majority of the members present agree to it and provided that such a decision is only ratified if and when the Provincial Party Council approves it and it is subject to such conditions as the latter may deem advisable;

15.1.3. When founding a new Branch or reorganising an existing Branch, whether it be due to the division or merging of Branches, the Chairperson of the meeting must first afford the persons present, who have not yet joined the Freedom Front Plus, the opportunity to complete their applications for membership and be approved as members, after which the meeting can be constituted with all the present registered ordinary and active members as voters who have the right to participate in the election of officials for a Branch;

- 15.1.4. Die volle besonderhede van alle nuwe lede, soos op die aansoek ingevul, moet in die Notule van die betrokke Takvergadering waar die lidmaatskap goedgekeur is, aangeteken word;
- 15.1.5. Nadat 'n Tak gestig is, moet die Provinsiale Kantoor binne veertien dae skriftelik daarvan in kennis gestel word;
- 15.1.6. Enige lid wat beswaard voel oor die stigting van 'n Tak, het die reg om binne veertien dae by die Provinsiale Partyraad appèl aan te teken;
- 15.1.7. 'n Tak mag nie uit minder as tien lede bestaan nie, waarvan ten minste drie lede aktiewe lede moet wees, behalwe met spesiale goedkeuring van die Provinsiale Partyraad;
- 15.1.8. 'n Nuwe Tak se stigting word ingevolge die Grondwet erken sodra so 'n Tak by die Provinsiale Kantoor en die Federale Hoofkantoor geregistreer is;
- 15.1.9. 'n Tak se verteenwoordigers, wat aktiewe lede moet wees, verkry sittingsreg en stemreg op die Provinsiale Partyraad sodra 'n Tak ingevolge Artikel 15.1.8 goedgekeur is. 'n Nuwe Tak wat gestig is en waarvan die stigting ingevolge artikel 15.1.5 aan die Provinsiale Partyraad bekendgemaak is, moet na die eerste volgende vergadering van die Provinsiale Partyraad uitgenooi word, waar die Tak se goedkeuring eers behandel word en daarna, in die geval van goedkeuring van die Tak, die Tak se verteenwoordigers dadelik sittingsreg op die Provinsiale Partyraad verkry;
- 15.1.10. Wanneer 'n Tak se stigting ingevolge artikel 15.1.8 goedgekeur is, word al die handeling vanaf die voorafgaande stigtingsvergadering van die Tak en daarna, as handeling van 'n Tak van die Party erken;
- 15.1.11. Indien 'n Tak se stigting ingevolge artikel 15.1.8 afgekeur word, is alle handeling van sodanige stigtingsvergadering en handeling wat daaruit voortspruit van nul en gener waarde, behoudens appèl na die Provinsiale Partyraad;
- 15.1.4. The full particulars of new members, as indicated on the application form, must also be recorded in the minutes of the relevant Branch meeting where their membership was approved;
- 15.1.5. After a new Branch is founded, the Provincial Office must be informed of it in writing within 14 days;
- 15.1.6. Any member who feels aggrieved by the founding of a Branch has the right to lodge an appeal with the Provincial Party Council within 14 days;
- 15.1.7. A Branch may not comprise less than ten members of which at least three must be active members, unless special approval was granted by the Provincial Party Council;
- 15.1.8. The founding of a new Branch is recognised in terms of the Constitution as soon as the said Branch is registered with the Provincial Office and the Federal Head Office;
- 15.1.9. A Branch's representatives, who must be active members, obtain a seat and voting rights in the Provincial Party Council as soon as the Branch is approved in terms of Section 15.1.8. A newly founded Branch whose founding was communicated to the Provincial Party Council in terms of Section 15.1.5, must be invited to attend the very next Provincial Party Council meeting where the Branch's approval will first be considered and then, in the case of the Branch being approved, the representatives of the Branch immediately obtain a seat in the Provincial Party Council;
- 15.1.10. When the founding of a said Branch is approved in terms of Section 15.1.8., all the actions from the Branch's preceding founding meeting and all subsequent actions are recognised as the actions of a Branch of the Party;
- 15.1.11. If the founding of the Branch is rejected in terms of Section 15.1.8, all the actions from the Branch's preceding founding meeting and all subsequent actions are null and void, contingent upon appeal to the Provincial Party Council;

15.1.12. 'n Tak hou op om te bestaan wanneer:

15.1.12.1. Sodanige Tak deur 'n meerderheidstem van lede ontbind word, op voorwaarde dat by die vorige vergadering van die Tak kennis gegee is van 'n mosie in die verband;

15.1.12.2. Sodanige Tak deur 'n meerdere liggaam van die Party ontbind word.

15.2. VERGADERINGS VAN TAKKE

15.2.1. Sover moontlik moet elke Tak gereeld op 'n geskikte plek en tyd met kennisgewing aan alle Taklede 'n ledevergadering hou met dien verstande dat 'n takvergadering by wyse van 'n telefoonkonferensie of soortgelyke medium gehou mag word;

15.2.2. Persone wat binne die Takgebied woon en reeds lede van die Party is, dog nog nie by die Tak ingeskryf is nie, moet voor konstituering as Taklede registreer as bewys van lidmaatskap;

15.2.3. Die Takvoorsitter konstitueer 'n Takvergadering met die aanwesige lede van die Tak;

15.2.4. Gewone en spesiale vergaderings word deur die Taksekretaris in opdrag van, of in oorleg met, die Takvoorsitter belê;

15.2.5. Indien minstens 33% van die lede van die Tak of 33% van die lede van die Takbestuur, met vermelding van hulle name, skriftelik om 'n Takvergadering vra, moet die Voorsitter of Sekretaris in oorleg met die Voorsitter, binne veertien dae 'n spesiale vergadering belê. By versuim hiervan het die lede die reg om self 'n vergadering te belê;

15.2.6. Na behoorlike skriftelike-, telefoniese, elektroniese-, mondelinge- of koerantkennisgewing van minstens 24 uur voor 'n vergadering plaasvind aan alle Taklede, is die lede wat teenwoordig is 'n kworum tensy die Taklede anders bepaal;

15.2.7. Takvergaderings word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;

15.1.12. A Branch ceases to exist when:

15.1.12.1. The said Branch is dissolved by a majority vote of its members on the condition that notice was given of a motion in this regard at the preceding Branch meeting;

15.1.12.2. The said Branch is dissolved by a superior body of the Party.

15.2. BRANCH MEETINGS

15.2.1. As far as possible, every Branch must frequently hold a members' meeting at an appropriate time and place with prior notice to all Branch members, with the proviso that such a Branch meeting may be held by means of a telephone conference call or some such medium;

15.2.2. Persons who reside in the Branch region and who are already members of the Party, but who are not yet registered at the Branch, must register as Branch members before constituting as proof of membership;

15.2.3. The Branch Chairperson constitutes a Branch meeting with the members of the Branch who are present;

15.2.4. Ordinary and special meetings are convened by the Branch Secretary on the instruction of, or in consultation with, the Branch Chairperson;

15.2.5. When at least 33% of the members of the Branch or 33% of the members of the Branch Management request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, the Chairperson or the Secretary, in consultation with the Chairperson, must convene a special meeting within 14 days. If a meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

15.2.6. After giving all members proper notice of a scheduled meeting via written, telephonic, electronic, verbal or printed means at least 24 hours before the meeting is to take place, the members present constitute a quorum, unless the Branch members determine otherwise;

15.2.7. All Branch meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;

15.2.8. Kennisgewing van die reorganisasievergadering van 'n Tak moet duidelik aantoon dat die reorganisasie van die Tak op die sakelys is.

15.3. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN TAKKE

15.3.1. Elke Tak moet driejaarliks, voor einde September van die jaar waarin takke en Partyrade reorganiseer sy reorganisasievergadering hou;

15.3.2. Takke kan fondsinsameling hou;

15.3.3. Fondse in die kas van 'n Tak is die onvervreembare eiendom van die Party en mag nie vervreem of vir ander doeleindes as die Missie van die Vryheidsfront Plus aangewend word nie;

15.3.4. Takke mag beskrywingspunte vir die Provinsiale Partyraad en/of Provinsiale Kongres op 'n datum deur die Partyraad bepaal, aan die Provinsiale Partyraad voorlê;

15.3.5. Takke kan huishoudelike reëls opstel, mits sodanige reëls nie met die Party se Grondwet in stryd is nie;

15.3.6. Elke Takbestuur moet sorg dra dat alle finansiële boeke van die Tak geouditeer word deur 'n professionele ouditeur of deur minstens 2 persone wat nie lede van die betrokke bestuur is nie en die finansiële organisasieverslag op die voorgeskrewe vorm aan die Provinsiale Partyraad beskikbaar stel;

15.3.7. Die Takbestuur moet jaarliks op versoek van die Provinsiale Partyraad 'n algemene verslag van werksaamhede aan die Provinsiale Partyraad stuur;

15.3.8. Die Takbestuur moet by sy vergaderings verslag van Provinsiale Partyraadsaangeleenthede aan sy lede doen;

15.3.9. Die Takbestuur is verantwoordelik vir die organisasie, fondsinsameling, propaganda en uitbouing van die Party in sy gebied.

16. ARTIKEL 16: TAKBESTUUR

16.1. Elke Tak staan onder toesig en beheer van 'n Takbestuur wat uit minstens drie aktiewe lede bestaan;

15.2.8. Notice of the reorganisation meeting of a Branch must clearly indicate that the reorganisation of the Branch is on the Agenda.

15.3. DUTIES AND FUNCTIONS OF BRANCHES

15.3.1. Every Branch must hold its reorganisation meeting every three years in the year in which Provinces reorganise;

15.3.2. Branches may have fund raisers;

15.3.3. All the Branch's funds are the inalienable property of the Party and may not be alienated or be used for any purposes other than accomplishing the Mission of the Freedom Front Plus;

15.3.4. Branches may submit resolutions for the Provincial Party Council and / or the Provincial Congress to the Provincial Party Council on a date determined by the Party Council;

15.3.5. Branches may draw up house rules on the condition that such rules are not in contravention of the Party's Constitution;

15.3.6. Every Branch Management must ensure that all the Branch's financial records are audited by a professional auditor or by at least two persons who are not members of the particular management and must make the financial organisation report available to the Provincial Party Council on the prescribed form;

15.3.7. The Branch Management must submit a general report of its activities to the Provincial Party Council every year on request of the Provincial Party Council;

15.3.8. The Branch Management must convey Provincial Party Council matters to its members during its meetings;

15.3.9. The Branch Management is responsible for the organisation, raising of funds, propaganda and the promotion of the Party in the Province.

16. SECTION 16: BRANCH MANAGERMENTS

16.1. All Branches are under the oversight and control of a Branch Management that comprises at least three active members;

- 16.2. Elke Tak kies driejaarliks uit die aktiewe lede woonagtig in sy gebied 'n Takbestuur soos volg:
- 16.2.1. 'n Voorsitter;
- 16.2.2. 'n Ondervoorsitter;
- 16.2.3. 'n Sekretaris wat ampshalwe Penningmeester is, tensy 'n ander lid as Penningmeester gekies word;
- 16.2.4. Die Tak kies soveel afgevaardigdes met secundi soos deur die Provinsiale Partyraad bepaal na die Provinsiale Partyraad. Die name, adresse en telefoonnommers van al die ampsdraers moet volledig aan die Provinsiale Kantoor deurgestuur word.
- 16.3. Indien daar vakature(s) ontstaan, kan 'n Takbestuur, onderworpe aan goedkeuring op die volgende Takvergadering die vakature(s) vul;
- 16.4. Nadat goedkeuring van die Provinsiale Partyraad verkry is vir die amalgamering of onderverdeling van Takke, verval die vorige Takbestuur/besture en word 'n Takbestuur/besture by die daaropvolgende vergadering gekies;
- 16.5. Die bedanking van 'n bestuurslid moet of skriftelik by die Taksekretaris of Voorsitter van die Tak of mondelings op 'n Takbestuursvergadering geskied.
- 16.6. Die lede van 'n Tak kan met 'n meerderheid van stemme op 'n wettige en behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Tak, enige bestuurslid as sodanig ontslaan en iemand anders in sy plek kies, onderworpe aan 'n reg van appèl van so 'n lid binne veertien dae na die Provinsiale Partyraad;
- 16.7. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN TAKBESTURE
- Die pligte en werksaamhede van 'n Takbestuur is om:
- 16.7.1. Driejaarliks 'n reorganisasievergadering te hou en 'n Takbestuur te kies;
- 16.7.2. Die belange van die Party in oorleg met die Provinsiale Partyraad in sy Takgebied te behartig;
- 16.2. Every three years, the Branch elects from its active members residing in its residential area a Branch Management as follows:
- 16.2.1. A Chairperson;
- 16.2.2. A Deputy Chairperson;
- 16.2.3. A Secretary who is *ex officio* also Treasurer, unless another member is elected as Treasurer;
- 16.2.4. The Branch elects as many representatives with secundi for the Provincial Party Council as determined by the Provincial Party Council. The full names, addresses and telephone numbers of all the officials must be communicated to the Provincial Office.
- 16.3. If any vacancies exist, the Branch Management may fill the vacancies subject to approval at the next Branch meeting;
- 16.4. After approval for the merging or division of Branches was obtained from the Provincial Party Council, the previous Branch Management / Managements falls away and a new Branch Management / Managements is elected at the next meeting;
- 16.5. A Branch Management member must communicate his / her resignation in writing to the Branch Secretary or Chairperson or verbally during a Branch Management meeting;
- 16.6. Branch members may, during a lawful and properly constituted Branch meeting, dismiss any Branch Management member with a majority vote and elect someone else in his / her place subject to the member's right to appeal to the Provincial Party Council within 14 days;
- 16.7. DUTIES AND FUNCTIONS OF BRANCH MANAGERMENTS
- The duties and functions of Branch Managements include:
- 16.7.1. Holding a reorganisation meeting every three years and electing a new Branch Management;
- 16.7.2. Attending to the Party's affairs in its Branch Region in consultation with the Provincial Party Council;

- | | |
|---|---|
| <p>16.7.3. 'n Lys van Taklede te hou, wat behoorlik en gereeld aangesuiwer moet word deur die name van persone wat nie meer vir lidmaatskap van die Tak kwalifiseer nie, daarop te verwyder en die name van nuwe lede by te voeg;</p> <p>16.7.4. Deurlopend nuwe, goedgekeurde aansoeke om lidmaatskap aan die Provinsiale Kantoor beskikbaar te stel;</p> <p>16.7.5. Te sorg dat die verpligtinge van die Tak soos hierin bepaal, stiptelik nagekom word;</p> <p>16.7.6. Gereeld nuwe lede te werf en andersdenkendes in te lig;</p> <p>16.7.7. Alles in hulle vermoë te doen om verkiesings vir die Party te wen en die Partykandidate kragtig by te staan;</p> <p>16.7.8. Skriftelike notules hou van die besluite van die Tak;</p> <p>16.7.9. Te sorg dat die name en adresse van ampsdraers wat by die reorganisasievergadering gekies of herkies is, binne veertien dae aan die Provinsiale Kantoor beskikbaar gestel word;</p> <p>16.7.10. Indien nodig 'n bankrekening vir die Tak by 'n bank te open, onderworpe daaraan dat minstens twee aangewese lede tjeks of opvragings moet teken en dat die Provinsiale Kantoor van die besonderhede in kennis gestel word;</p> <p>16.7.11. Kwitansieboeke soos deur die Provinsiale Kantoor voorsien, te hou en kwitansies vir alle gelde ontvang, te gee en elke jaar binne veertien dae na die einde van die finansiële jaar op die voorgeskrewe vorm verslag, behoorlik nagegaan, van die Tak se finansies en aktiwiteite, aan die Provinsiale Partyraad beskikbaar te stel.</p> | <p>16.7.3. Keeping a list of Branch members, which is frequently and thoroughly updated by removing the names of persons who no longer qualify for membership to the Branch from the list and adding the names of new members to the list;</p> <p>16.7.4. Continually communicating new, approved applications for membership to the Provincial Office;</p> <p>16.7.5. Ensuring that the duties of the Branch, as stipulated herein, are performed effectively;</p> <p>16.7.6. Frequently recruiting new members and raising awareness among those who are different minded;</p> <p>16.7.7. Doing everything in their power to win elections for the Party and support the Party Candidates;</p> <p>16.7.8. Taking written minutes of the Branch's decisions;</p> <p>16.7.9. Ensuring that the officials' names and addresses, who were elected or re-elected at the reorganisation meeting, are communicated to the Provincial Office within 14 days;</p> <p>16.7.10. If necessary, opening a bank account for the Branch at a bank on the condition that at least two designated members must sign cheques or authorise withdrawals and that the Provincial Office must be informed of the particulars;</p> <p>16.7.11. Keeping receipt books, as provided by the Provincial Office, and issuing receipts for all monies received and annually providing a thoroughly checked report, on the prescribed form and within 14 days after the end of the financial year, on the Branch's finances and activities to the Provincial Party Council;</p> |
|---|---|

16.8. VERGADERINGS VAN TAKBESTURE

- 16.8.1. Elke Takbestuur kom, sover moontlik, elke kwartaal op 'n geskikte plek en tyd byeen en daarbenewens so dikwels as wat nodig mag wees;

16.8. BRANCH MANAGEMENT MEETINGS

- 16.8.1. Branch Managements must, as far as possible, meet every quarter at an appropriate time and place and in addition to that, as often as is necessary;

16.8.2. Vergaderings van 'n Takbestuur word deur die Sekretaris in opdrag van die Voorsitter van die Tak, belê. Indien minstens 33% van die lede, met vermelding van hulle name, skriftelik daarom vra, is die Voorsitter of Sekretaris verplig om 'n vergadering van die Takbestuur te belê en as hulle versuim om dit binne veertien dae te doen, het die betrokke lede die reg om self sodanige vergadering te belê;

16.8.3. 'n Meerderheid van die lede van 'n Takbestuur is 'n kworum

16.8.4. Volledige Notule moet gehou word van alle verrigtinge tydens so 'n vergadering;

16.8.5. Takbestuursvergaderings word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit.

16.9. BEVOEGDHEDE VAN TAKBESTURE

16.9.1. 'n Takbestuur kan weier om 'n persoon wat aansoek om lidmaatskap van die Party doen, as lid toe te laat onderworpe aan die reg van appèl binne veertien dae deur so 'n persoon na die Provinsiale Partyraad;

16.9.2. 'n Takbestuur kan sy bevoegdhede aan die Dagbestuur van 'n Tak oordra;

16.9.3. 'n Takbestuur kan sy eie huishoudelike reëls opstel, mits hulle nie met die bepalinge van hierdie Grondwet bots nie.

17. ARTIKEL 17: VF PLUS-JEUG

17.1. GRONDSLAG

Die Vryheidsfront Plus-jeug is gegrond op dieselfde grondslag as die Vryheidsfront Plus. Alle besluite, aktiwiteite, aksies en projekte van die Jeug moet strook met die Beleid, Stigtingsgrondslag en Missie van die Vryheidsfront Plus.

17.2. DOELSTELLINGS

Die Vryheidsfront Plus-jeug stel die volgende ten doel:

17.2.1. Om die Missie van die Vryheidsfront Plus te bevorder;

16.8.2. Branch Management meetings are convened by the Secretary on the instruction of the Branch Chairperson. When at least 33% of the members request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, the Chairperson or the Secretary is obliged to convene a Branch Management meeting within 14 days. If a meeting is not convened within 14 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

16.8.3. A majority of the members of the Branch Management constitutes a quorum;

16.8.4. Detailed minutes must be taken of the proceedings at such a meeting;

16.8.5. Branch Management meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer.

16.9. POWERS OF BRANCH MANAGERMENTS

16.9.1. A Branch Management may refuse to accept a person who applied for membership to the Party as a member, subject to that person's right to appeal to the Provincial Party Council within 14 days;

16.9.2. A Branch Management may transfer its powers to the Executive Management of the Branch;

16.9.3. Branches may draw up house rules on the condition that such rules are not in contravention of the Party's Constitution.

17. SECTION 17: FREEDOM FRONT PLUS YOUTH

17.1. FOUNDATION

The Freedom Front Plus Youth is based on the same foundation as the Freedom Front Plus. All decisions, activities, actions and projects of the Freedom Front Youth must be in line with the Policy, the Foundational Premise and the Mission of the Freedom Front Plus.

17.2. OBJECTIVES

The Freedom Front Plus Youth has the following objectives:

17.2.1. To promote the Mission of the Freedom Front Plus;

17.2.2. Om die Afrikanerjeug, sowel as die jeug van alle ander gemeenskappe in Suid-Afrika gebind deur 'n gemeenskaplike taal- en kultuurerfenis betrokke te maak by die Vryheidsfront Plus;

17.2.3. Om die jeug se politieke denke te ontwikkel;

17.2.4. Leierskapsontwikkeling;

17.2.5. Om 'n samehorigheidsgevoel onder die Vryheidsfront Plus se jeuglede te kweek.

17.3. STRUKTURE VAN DIE VRYHEIDSFRONT PLUS JEUG

Organisatories funksioneer die Vryheidsfront Plus Jeug op 'n federale grondslag. Die Jeugaksie is deel van die Vryheidsfront Plus se federale struktuur en alle jeugstrukture en lede vorm deel van die Party se strukture.

Die struktuur van die Vryheidsfront Plus Jeug is soos volg:

17.3.1. Die Jeugleier;

17.3.2. 'n Federale Jeugraad met Dagbestuur;

17.3.3. Jeugtakke met Takbesture;

17.3.4. Jeuglede van die Vryheidsfront Plus.

17.3.5. Die Jeugaksie is deel van die Vryheidsfront Plus se federale struktuur en alle jeugstrukture en lede vorm deel van die Party se strukture.

17.4. JEUGLEIER

17.4.1. Aan die hoof van die Vryheidsfront Plus Jeug staan die Jeugleier;

17.4.2. Bevoegdhede van die Jeugleier:

17.4.2.1. Wanneer die Federale Jeugraad nie in sitting is nie, is die Leier, in oorleg met die Dagbestuur van die Federale Jeugraad, met die volle mag en gesag van die Federale Jeugraad bekleed om, met betrekking tot dringende aangeleenthede, te besluit en op te tree. Besluite moet strook met die Beleids, Stigtingsgrondslag en Missie van die Vryheidsfront Plus.

17.2.2. To get the Afrikaner youth, as well as other communities in South Africa bound by a common language and cultural heritage, involved in the Freedom Front Plus;

17.2.3. To develop the youth's political thinking;

17.2.4. Leadership development;

17.2.5. To cultivate a sense of social cohesion among the Freedom Front Plus's youth members.

17.3. STRUCTURES OF THE FREEDOM FRONT PLUS YOUTH

Organisationally, the Freedom Front Plus Youth functions on a federal foundation. The Youth division is part of the Freedom Front Plus's federal structure and all youth structures and youth members form part of the Party's structures.

The structure of the Freedom Front Plus Youth is as follows:

17.3.1. The Youth Leader;

17.3.2. A Federal Youth Council with a Management,

17.3.3. Youth Branches with their Branch Managements;

17.3.4. Youth members of the Freedom Front Plus.

17.3.5. The Youth division is part of the Freedom Front Plus's federal structure and all youth structures and youth members form part of the Party's structures.

17.4. YOUTH LEADER

17.4.1. At the helm of the Freedom Front Plus Youth is the Youth Leader;

17.4.2. Powers of the Youth Leader:

17.4.2.1. When the Federal Youth Council is not in session, the Youth Leader, in consultation with the Executive Management of the Federal Youth Council, is vested with the full power and authority of the Federal Youth Council to make decisions and take action regarding urgent matters. All decisions must be in accordance with the Policy, the Foundational Premise and the Mission of the Freedom Front Plus.

17.4.2.2. Die Jeugleier tree op as Voorsitter van die Dagbestuur van die Federale Jeugraad;

17.4.2.3. Die Jeugleier is lid van die Dagbestuur van die Federale Raad (kyk artikel 8.1.4).

17.4.2.4. Die Jeugleier is getaak met die voorlegging van sake aan die Federale Dagbestuur soos deur die Federale Jeugraad geïdentifiseer.

17.5. FEDERALE JEUGRAAD

17.5.1. Die Federale Jeugraad is die hoogste struktuur van die Vryheidsfront Plus Jeug.

17.5.2. SAMESTELLING

Die Federale Jeugraad bestaan uit jeuglede, as afgevaardigdes van die Provinsiale Jeugrade, daartoe verkies op dieselfde basis as wat Provinsies lede na die Federale Raad afvaardig.

17.5.3. BEVOEGDHEDE VAN DIE FEDERALE JEUGRAAD

17.5.3.1. Die Federale Jeugraad reël die organisasie en administrasie van die Jeug en is ondergeskik aan die Federale Raad wat die hoogste gesag van die Party is. Die organisasie en administrasie moet altyd die gesag van die Provinsiale Partyrade eerbiedig;

17.5.3.2. Indien die Federale Jeugraad nie in sitting is nie, word die bevoegdhede deur die Dagbestuur van die Federale Jeugraad uitgevoer;

17.5.3.3. Die Federale Jeugraad kan van tyd tot tyd komitees of werkgroepe benoem om sake te ondersoek, of om die Federale Jeugraad behulpsaam te wees in die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede.

17.5.4. VERGADERINGS VAN FEDERALE JEUGRAAD

17.5.4.1. Al die vergaderings van die Federale Jeugraad word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;

17.4.2.2. The Youth leader acts as the Chairperson of the Management of the Federal Youth Council.

17.4.2.3. The Youth leader is a member of the Federal Management of the Federal Council (see Section 8.1.4).

17.4.2.4. The Youth leader is tasked with presenting matters, as identified by the Federal Youth Council, to the Federal Management.

17.5. FEDERAL YOUTH COUNCIL

17.5.1. The Federal Youth Council is the highest structure of the Freedom Front Plus Youth.

17.5.2. COMPOSITION

The Federal Youth Council comprises youth members as delegates of the Provincial Youth Councils who are elected on the same basis that Provinces delegate members to the Federal Council.

17.5.3. POWERS OF THE FEDERAL YOUTH COUNCIL

17.5.3.1. The Federal Youth Council is responsible for the organisation and administration of the Youth and is subordinate to the Federal Council, which is the highest authority of the Party. The organisation and administration must always submit to the authority of the Provincial Party Councils;

17.5.3.2. If the Federal Youth Council is not in session, its powers are exercised by the Management of the Federal Youth Council;

17.5.3.3. The Federal Youth Council may from time to time set up committees or task teams to investigate matters or to assist the Federal Youth Council in performing its duties and responsibilities.

17.5.4. FEDERAL YOUTH COUNCIL MEETINGS

17.5.4.1. All Federal Youth Council meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;

- | | |
|---|---|
| <p>17.5.4.2. Die Federale Jeugraad vergader so dikwels as wat hyself of die Federale Jeugraad se Dagbestuur besluit, met dien verstande dat hy minstens een keer per jaar moet vergader. Die jaarlikse vergadering moet verkieslik saamval met 'n Federale Jeugkongres;</p> | <p>17.5.4.2. The Federal Youth Council convenes a meeting as often as it or the Management of the Federal Youth Council determines, provided that it must convene a meeting at least once a year. The annual meeting must preferably take place at the same time as the Federal Youth Congress;</p> |
| <p>17.5.4.3. Wanneer minstens 33% van die lede van die Federale Jeugraad, met vermelding van die name van die lede, skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering van die Federale Jeugraad binne 21 dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne 21 dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;</p> | <p>17.5.4.3. When at least 33% of the members of the Federal Youth Council request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a Federal Youth Council meeting must be convened within 21 days. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;</p> |
| <p>17.5.4.4. Enige lid van die Federale Jeugraad wat sonder voorafverkreë toestemming van die Jeugleier of Sekretaris of sonder kondonasië van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Federale Jeugraad nie bywoon nie, hou <i>ipso facto</i> op om lid van die Federale Jeugraad te wees;</p> | <p>17.5.4.4. Any member of the Federal Youth Council who fails to attend two consecutive Federal Youth Council meetings without obtaining prior permission from the Youth Leader or the Secretary or without condonation of absence thereafter, is <i>ipso facto</i> no longer a member of the Federal Youth Council;</p> |
| <p>17.5.4.5. Ten minste tien lede van die Federale Jeugraad vorm 'n kworum;</p> | <p>17.5.4.5. A minimum of ten members of the Federal Youth Council comprise a quorum;</p> |
| <p>17.5.4.6. In afwesigheid van die Jeugleier tree die Jeugonderleier op as Voorsitter van die Federale Jeugraad. Indien die Jeugonderleier ook afwesig is, kies die Federale Jeugraad 'n Voorsitter vir die vergadering.</p> | <p>17.5.4.6. In the absence of the Youth Leader, the Deputy Youth Leader acts as the Chairperson of the Federal Youth Council. If the Deputy Youth Leader is also absent, the Federal Youth Council elects a Chairperson for the meeting.</p> |
| <p>17.5.5. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FEDERALE JEUGRAAD</p> <p>Die Federale Jeugraad moet:</p> | <p>17.5.5. DUTIES AND FUNCTIONS OF THE FEDERAL YOUTH COUNCIL</p> <p>The Federal Youth Council must:</p> |
| <p>17.5.5.1. Indien hy dit wenslik ag, 'n Federale Jeugkongres belê;</p> | <p>17.5.5.1. Convene a Federal Youth Congress if it is deemed advisable;</p> |
| <p>17.5.5.2. Die Federale Jeugraad moet driejaarliks voor einde Mei in dieselfde jaar as die Federale Raad reorganiseer en 'n Jeugleier kies;</p> | <p>17.5.5.2. The Federal Youth Council must reorganise every three years before May in the same year as what the Federal Council reorganises and elect a Youth Leader;</p> |
| <p>17.5.5.3. By sy reorganisasievergadering 'n Jeug-onderleier kies;</p> | <p>17.5.5.3. Elect a Deputy Youth Leader at its reorganisation meeting;</p> |

17.5.5.4. Uit sy lede 'n Dagbestuur, soos omskryf in artikel 17.7 verkies;	17.5.5.4. Elect a Executive Management, as stipulated in Section 17.7, from its members;
17.5.5.5. Die Jeugleier, die Jeugonderleier en twee lede deur die Jeugraad verkies, dien op die Federale Raad van die Vryheidsfront Plus;	17.5.5.5. The Youth Leader, the Deputy Youth Leader and two members elected by the Youth Council serve on the Federal Council of the Freedom Front Plus;
17.5.5.6. 'n Verslag van sy werksaamhede opstel en by die eersvolgende Federale Raad ter tafel lê;	17.5.5.6. Compile a report on all its activities and present it at the next Federal Council meeting;
17.5.5.7. 'n Sakelys vir die Federale Jeugkongres opstel en indien so besluit, voorstelle aan die Federale Raad voorlê;	17.5.5.7. Compile an Agenda for the Federal Youth Congress and present proposals to the Federal Council, if so decided;
17.5.5.8. Toesig hou oor al die verskillende ondergeskikte liggame en besture en oor die uitvoering van hulle pligte en verantwoordelikhede;	17.5.5.8. Oversee all the various subordinate bodies and management structures and the performing of their duties and responsibilities;
17.5.5.9. Die Provinsiale Jeugrade bystaan om doeltreffend te funksioneer;	17.5.5.9. Assist the Provincial Youth Councils to ensure that they function effectively;
17.5.5.10. Alles wat nodig is, doen ter bevordering van die Vryheidsfront Plus-jeug;	17.5.5.10. Do everything that is necessary to promote the Freedom Front Plus Youth;
17.5.5.11. Skriftelike notules hou van sy werksaamhede en besluite.	17.5.5.11. Take written minutes of its activities and decisions.
17.6. DAGBESTUUR VAN DIE FEDERALE JEUGRAAD	17.6. EXECUTIVE MANAGEMENT OF THE FEDERAL YOUTH COUNCIL
17.6.1. SAMESTELLING	17.6.1. COMPOSITION
Die Federale Jeugraad moet driejaarliks by sy reorganisasievergadering uit eie geledere 'n Dagbestuur soos volg saamstel:	Every three years the Federal Youth Council must at its reorganisation meeting elect a Management from its own ranks that is composed as follows:
17.6.1.1. 'n Jeugleier as Voorsitter;	17.6.1.1. A Youth Leader as Chairperson;
17.6.1.2. 'n Jeugonderleier;	17.6.1.2. A Deputy Youth Leader;
17.6.1.3. 'n Penningmeester / Sekretaris(esse);	17.6.1.3. A Treasurer / Secretary;
17.6.1.4. Vier addisionele lede;	17.6.1.4. Four additional members;
17.6.1.5. Die Dagbestuur is gemoeid met die dag-tot-dag funksionering van die Vryheidsfront Plus Jeug en doen verslag aan die Federale Jeugraad oor sy werksaamhede;	17.6.1.5. The Management is tasked with managing the day-to-day functioning of the Freedom Front Plus Youth and reports to the Federal Youth Council;

<p>17.6.1.6. Die Dagbestuur kan enige lid van die Federale Jeugraad, vir die doeleindes van 'n spesifieke punt op die sakelys, versoek om daardie betrokke vergadering by te woon.</p>	<p>17.6.1.6. The Management may instruct any member of the Federal Youth Council to attend one of its meetings for the sake of addressing a specific point on the agenda;</p>
<p>17.6.2. VERGADERINGS VAN DIE DAGBESTUUR</p>	<p>17.6.2. MANAGEMENT MEETINGS</p>
<p>17.6.2.1. Al die vergaderings van die Dagbestuur word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;</p>	<p>17.6.2.1. All Executive Management meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;</p>
<p>17.6.2.2. Die Dagbestuur vergader so dikwels as wat hyself, of die Federale Jeugraad besluit. Die Jeugleier kan te enige tyd 'n vergadering van die Dagbestuur belê;</p>	<p>17.6.2.2. The Management convenes a meeting as often as it or the Federal Youth Council determines. The Youth Leader can convene a Management meeting at any time;</p>
<p>17.6.2.3. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur met vermelding van hulle name skriftelik daarom vra, moet 'n vergadering van die Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne 21 dae gedoen word nie, het die lede die reg om self die vergadering te belê;</p>	<p>17.6.2.3. When at least 33% of the members of the Management request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a Management meeting must be convened. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;</p>
<p>17.6.2.4. 'n Meerderheid van lede is 'n kworum.</p>	<p>17.6.2.4. A majority of the members constitutes a quorum;</p>
<p>17.7. FEDERALE JEUGKONRES</p>	<p>17.7. FEDERAL YOUTH CONGRESS</p>
<p>17.7.1. 'n Federale Jeugkongres word wanneer wenslik gehou op 'n plek en tyd deur die Federale Jeugraad bepaal;</p>	<p>17.7.1. A Federal Youth Congress is held when advisable at a time and place as determined by the Federal Youth Council;</p>
<p>17.7.2. SAMESTELLING</p>	<p>17.7.2. COMPOSITION</p>
<p>Die Federale Jeugraad bepaal hoe die Federale Jeugkongres saamgestel sal word.</p>	<p>The Federal Youth Council determines the composition of the Federal Youth Congress.</p>
<p>17.8. REGLEMENT VAN ORDE VIR KONGRESSE</p>	<p>17.8. STANDING RULES OF ORDER FOR CONGRESSES</p>
<p>17.8.1. OPENING EN AFSLUITING</p>	<p>17.8.1. OPENING AND CLOSING</p>
<p>Elke kongres word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;</p>	<p>Every Congress is opened with a prayer and Scripture reading and is closed with a prayer;</p>
<p>17.8.2. PROGRAM VAN WERKSAAMHEDE</p>	<p>17.8.2. PROGRAMME OF PROCEEDINGS</p>
<p>Die Federale Jeugraad bepaal hoe die Federale Jeugkongres sal verloop.</p>	<p>The Federal Youth Council determines the programme of the Federal Youth Congress.</p>

17.9. PROVINSIALE JEUGRADE

17.9.1. SAMESTELLING

17.9.1.1. Vir Gauteng, Vrystaat, Noord-Kaap, Mpumalanga, Noordwes, Wes-Kaap, Oos-Kaap, KwaZulu-Natal en Limpopo word elk 'n Provinsiale Jeugraad saamgestel;

17.9.1.2. Die Provinsiale Jeugraad van 'n Provinsie word soos volg saamgestel:

17.9.1.2.1. Twee verteenwoordigers van elke Jeugtak binne die Provinsie of soveel verteenwoordigers as wat elke Provinsiale Jeugraad self vasstel;

17.9.1.2.2. Wanneer 'n lid van die Provinsiale Jeugraad, deur 'n JeugTak aangewys, om grondige redes nie 'n vergadering kan bywoon nie, woon die behoorlik verkose secundus van so 'n lid die vergadering by;

17.9.1.2.3. Die Provinsiale Jeugraad kies uit sy lede 'n Dagbestuur;

17.9.2. BEVOEGDHEDE VAN PROVINSIALE JEUGRADE

17.9.2.1. 'n Provinsiale Jeugraad is die hoogste struktuur van die VF Plus Jeug van die Provinsie en reël die organisasie en administrasie van die jeug in die Provinsie en is ondergeskik aan die gesag van die Provinsiale Partyraad;

17.9.2.2. Die bepalinge van artikel 12.2 is ook van toepassing op die Provinsiale Jeugrade;

17.9.2.3. Die Provinsiale Jeugraad kan van tyd-tot-tyd komitees of werksgroepe benoem sake te ondersoek of om die Provinsiale Jeugraad behulpsaam te wees met die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede. Sodanige komitees doen verslag aan die Provinsiale Jeugraad en het geen besluitnemingsbevoegdheid nie.

17.9. PROVINCIAL YOUTH COUNCILS

17.9.1. COMPOSITION

17.9.1.1. A Provincial Youth Council is established for each of the following provinces: Gauteng, Free State, Northern Cape, Mpumalanga, North West, Western Cape, Eastern Cape, KwaZulu Natal and Limpopo;

17.9.1.2. The Provincial Youth Council of a Province is composed as follows:

17.9.1.2.1. Two representatives of every Youth Branch in the Province or as many representatives as every Provincial Youth Council determines;

17.9.1.2.2. When a member of a Provincial Youth Council, appointed by a Youth Branch, is unable to attend a meeting due to valid reasons, the properly elected secundus of that member must attend the meeting;

17.9.1.2.3. The Provincial Youth Council elects a Executive Management from its members;

17.9.2. POWERS OF PROVINCIAL YOUTH COUNCILS

17.9.2.1. The Provincial Youth Council is the highest structure of the Freedom Front Plus Youth in a given Province and is responsible for the organisation and administration of the Youth in the Province and is subordinate to the authority of the Provincial Party Council;

17.9.2.2. The stipulations of Section 12.2 are also applicable to the Provincial Youth Councils;

17.9.2.3. The Provincial Youth Council may from time to time set up committees or task teams to investigate matters or to assist the Provincial Youth Council in performing its duties and responsibilities. Such committees and teams must report to the Provincial Youth Council and have no decision-making capacity.

17.9.3. VERGADERINGS VAN DIE PROVINSIALE JEUGRAAD

17.9.3.1. Al die vergaderings van die Provinsiale Jeugraad word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;

17.9.3.2. Die Provinsiale Jeugraad vergader so dikwels as wat hyself, of so dikwels as wat die Dagbestuur besluit, met dien verstande, dat hy minstens een keer per jaar moet vergader;

17.9.3.3. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur of minstens 33% van die lede van die Provinsiale Jeugraad, met vermelding van hulle name, skriftelik daarvoor vra, moet 'n vergadering binne 21 dae belê word. Indien daar versuim word om die vergadering binne 21 dae te belê, het die betrokke lede die reg om dit self te belê;

17.9.3.4. Enige lid van die Provinsiale Jeugraad wat, sonder vooraf verkreë verlof of sonder kondonasië van afwesigheid daarna, twee agtereenvolgende vergaderings van die Provinsiale Jeugraad nie bywoon nie, hou *ipso facto* op om lid van die Provinsiale Jeugraad te wees;

17.9.3.5. Die meerderheid van lede van die Provinsiale Jeugraad is 'n kworum.

17.9.4. PLIGTE EN WERKSAAMHEDE VAN PROVINSIALE JEUGRADE

17.9.4.1. Die Provinsiale Jeugraad moet jaarliks 'n jaarprogram vir die jeug in die Provinsie opstel. Die jaarprogram moet gegrond wees op die bereiking van die doelstellings van die Vryheidsfront Plus Jeug soos vervat in artikel 12.4 van hierdie Grondwet;

17.9.4.2. Die Provinsiale Jeugraad moet toesien dat die jaarprogram uitgevoer word;

17.9.4.3. Die Provinsiale Jeugraad se verteenwoordiger doen by die Federale Jeugraad se reorganisasievergadering verslag oor aktiwiteite van die voorafgaande jaar asook hulle jaarprogram vir die komende jaar.

17.9.3. PROVINCIAL YOUTH COUNCIL MEETINGS

17.9.3.1. All Provincial Youth Council meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;

17.9.3.2. The Provincial Youth Council convenes a meeting as often as it or the Executive Management determines, provided that it must convene a meeting at least once a year;

17.9.3.3. When at least 33% of the members of the Executive Management or at least 33% of the members of the Provincial Youth Council request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, such a meeting must be convened within 21 days. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

17.9.3.4. Any member of the Provincial Youth Council who fails to attend two consecutive Provincial Youth Council meetings without obtaining prior permission or without condonation of absence thereafter, is *ipso facto* no longer a member of the Provincial Youth Council;

17.9.3.5. A majority of the members of the Provincial Youth Council constitutes a quorum;

17.9.4. DUTIES AND FUNCTIONS OF THE PROVINCIAL YOUTH COUNCILS

17.9.4.1. The Provincial Youth Council must annually compile a year programme for the youth in the Province. The year programme must be based on and aimed at achieving the objectives of the Freedom Front Plus Youth as stipulated in Section 12.4 of this Constitution;

17.9.4.2. The Provincial Youth Council must ensure that the year programme is executed;

17.9.4.3. The Provincial Youth Council's representative reports on the previous years' activities and the year programme for the following year at the Federal Youth Council's reorganisation meeting.

17.10. DAGBESTUUR VAN DIE PROVINSIALE JEUGRAAD

17.10.1. Die Provinsiale Jeugraad moet driejaarliks voor einde Oktober in die selfde jaar as die Provinsiale Partyraad reorganiseer en by sy reorganisasie uit sy lede 'n Dagbestuur soos volg saamstel:

17.10.1.1. Die Provinsiale Jeugleier, wat ook optree as Voorsitter van die Provinsiale Jeugraad;

17.10.1.2. 'n Provinsiale Jeugonderleier;

17.10.1.3. Soveel Addisionele Lede op die Dagbestuur, as wat die Provinsiale Jeugraad mag besluit.

17.10.2. BEVOEGDHEDE VAN DIE PROVINSIALE DAGBESTUUR

17.10.2.1. Die Dagbestuur beskik oor die bevoegdhede van die Provinsiale Jeugraad wanneer laasgenoemde nie in sitting is nie.

17.10.3. VERGADERINGS VAN DIE PROVINSIALE DAGBESTUUR

17.10.3.1. Al die vergaderings van die Dagbestuur word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;

17.10.3.2. Die Provinsiale Dagbestuur vergader so dikwels as wat nodig is en vergaderings van die Provinsiale Dagbestuur word belê deur die Provinsiale Jeugraad en/of die Provinsiale Dagbestuur en/of die Voorsitter van die Provinsiale Dagbestuur;

17.10.3.3. Wanneer minstens 33% van die lede van die Dagbestuur met vermelding van die name van die lede skriftelik daarom vra, moet 'n vergadering van die Provinsiale Dagbestuur gehou word. Indien dit nie binne 21 dae gedoen word nie, het die lede die reg om self die vergadering te belê;

17.10.3.4. 'n Meerderheid van die lede van die Provinsiale Dagbestuur is 'n kworum;

17.10. MANAGEMENT OF THE PROVINCIAL YOUTH COUNCIL

17.10.1. Every three years, in the same year as what Provinces reorganises, Provincial Youth Councils must reorganise before the end of October and its reorganisation meeting elect a Provincial Youth Management that is composed as follows:

17.10.1.1. The Provincial Youth Leader who also acts as the Chairperson of the Provincial Youth Council;

17.10.1.2. A Deputy Provincial Youth Leader;

17.10.1.3. As many additional members serving on the Executive Management as determined by the Provincial Youth Council.

17.10.2. POWERS OF THE PROVINCIAL EXECUTIVE MANAGEMENT

17.10.2.1. The Executive Management executes the powers of the Provincial Youth Council when the latter is not in session.

17.10.3. PROVINCIAL MANAGEMENT MEETINGS

17.10.3.1. All Management meetings are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;

17.10.3.2. The Provincial Management convenes a meeting as often as is necessary and the meetings of the Provincial Management are convened by the Provincial Youth Council and / or the Provincial Management and / or the Chairperson of the Provincial Management;

17.10.3.3. When at least 33% of the members of the Executive Management request a meeting in writing, explicitly stating the members' names, a Provincial Executive Management meeting must be convened. If a meeting is not convened within 21 days, the relevant members have the right to convene a meeting themselves;

17.10.3.4. A majority of the members of the Provincial Executive Management constitutes a quorum;

17.10.3.5. Die Provinsiale Dagbestuur doen aan die Provinsiale Jeugraad verslag oor sy werksaamhede.	17.10.3.5. The Provincial Executive Management reports to the Provincial Youth Council.
17.11. JEUGTAKKE	17.11. YOUTH BRANCHES
17.11.1. STIGTING VAN TAKKE	17.11.1. FOUNDING OF YOUTH BRANCHES
Artikel 15 van die Grondwet van die Vryheidsfront Plus het betrekking:	Section 15 of the Constitution of the Freedom Front Plus applies:
17.11.2. 'n Jeugtak is 'n Tak waarvan al die lede Jeuglede is en wat op die Takstigtingsvorm as 'n Jeugtak aangedui is en wat gestig is in oorleg met en goedkeuring van die Provinsiale Jeugstrukture. 'n Jeuglid is iemand wat voldoen aan die vereistes gestel in artikel 17.13 van hierdie Grondwet;	17.11.2. A Youth Branch is a Branch of which all the members are Youth members and which is indicated as a Youth Branch on the Branch Founding Form and which was founded in consultation with and with the approval of the Provincial Youth structures. A Youth member is someone who complies with the requirements stipulated in Section 17.13 of this Constitution;
17.11.3. Alvorens 'n Tak gestig word, moet goedkeuring van die betrokke Provinsiale Jeugraad verkry word en nadat dit gestig is, moet die Provinsiale Partyraad en Hoofsekretaris van die Vryheidsfront Plus, sowel as die Federale Jeugraad binne veertien dae skriftelik op die voorgeskrewe vorm daarvan in kennis gestel word. Op die vorm moet duidelik langs die Tak se naam aangedui word dat dit 'n Jeugtak is;	17.11.3. Before a Youth Branch is founded, approval must be obtained from the relevant Provincial Youth Council and after it was founded, the Provincial Party Council and General Secretary of the Freedom Front Plus as well as the Federal Youth Council must be informed of it in writing on the prescribed form within 14 days. On the form next to the Branch's name, it must be clearly indicated that it is a Youth Branch;
17.11.4. Alle Jeugtakke het sittingsreg op die Provinsiale Partyraad en wel op dieselfde basis as wat die betrokke Partyraad sy verteenwoordiger van ander Takke op die Partyraad reël.	17.11.4. All Youth Branches have a seat in the Provincial Party Council on the same basis as the relevant Party Council determines for the representatives from other Branches who serve on the Party Council.
17.11.5. Elke Jeugtak moet driejaarliks voor einde Augustus van die jaar waarin Provinsiale Partyrade reorganiseer sy reorganisasievergadering hou;	17.11.5. Every three years every Youth branch must before the end of August in the year in which Provinces reorganise, hold a reorganising meeting.
17.12. TAKBESTUUR	17.12. BRANCH MANAGEMENT
17.12.1. Artikel 16 in die Grondwet van die Vryheidsfront Plus het betrekking:	17.12.1. Section 16 of the Constitution of the Freedom Front Plus applies.
17.13. LIDMAATSKAP VAN VRYHEIDSFRONT PLUS JEUG	17.13. MEMBERSHIP TO THE FREEDOM FRONT PLUS YOUTH
17.13.1. 'n Jeuglid is:	17.13.1. A Youth member is:
17.13.1.1. 'n Suid-Afrikaanse burger van 16 jaar en ouer wat die Missie en Stigtingsgrondslag van die Vryheidsfront Plus onderskryf en 'n ingeskrewe lid van die Vryheidsfront Plus is; en	17.13.1.1. A South African citizen who is 16 years and older and who supports the Mission and the Foundational Premise of the Freedom Front Plus and is a registered member of the Freedom Front Plus; and

17.13.1.2. Wat deur die jeuglede van die betrokke Tak en die persoon self as 'n jeuglid beskou word; en

17.13.1.2. Who is considered a Youth member by the relevant Branch and who considers him- / herself a Youth member; and

17.13.1.3. Wat nie ouer as vyf en dertig is nie.

17.13.1.3. Who is not older than thirty five.

17.13.1.4. 'n Jeuglid wat 35 jaar oud word tydens 'n termyn voor die volgende betrokke reorganisasie bly in sy/haar amp tot en met die volgende reorganisasie;

17.13.1.4. A youth member that turns 35 years a term of office before the next reorganisation will remain in office till the next reorganisation;

17.13.1.5. 'n Jeuglid is slegs verkiesbaar tot 'n amp in 'n Jeugtak, Provinsiale Jeugraad of die Federale Jeugraad indien sodanige Jeuglid ingevolge artikel 18.4. 'n aktiewe lid van die VF Plus is.

17.13.1.5. A youth member is only eligible for election to an office in a Youth branch, Provincial Youth Council or Federal Youth Council if that youth members is an active member of the FF Plus in terms of article 18.4.

17.14. ALGEMEEN

17.14. GENERAL

17.14.1. In soverre enige spesifieke saak nie deur artikel 17 gereël word nie, kan die Federale Jeugraad voorskrifte daarvoor uitvaardig;

17.14.1. Inasmuch as any specific matters are not addressed and regulated by Section 17, the Federal Youth Council can issue stipulations regarding such matters;

17.14.2. Alle bepalings van die Grondwet van die Vryheidsfront Plus is *mutatis mutandis* van toepassing op alle jeuglede en jeugstrukture.

17.14.2. All stipulations of the Constitution of the Freedom Front Plus apply *mutatus mutandis* to all youth structures and youth members.

18. ARTIKEL 18: LIDMAATSKAP VAN DIE VF PLUS

18. SECTION 18: MEMBERSHIP TO THE FREEDOM FRONT PLUS

18.1. Suid-Afrikaanse burgers van 16 jaar en ouer, wat die Missie en Stigtingsgrondslag (artikel 3; 18.2.1 en 18.2.2) onderskryf, kan as lede van die Vryheidsfront Plus toegelaat word;

18.1. South African citizens who are 16 years and older and who support the Mission and the Foundational Premise of the Freedom Front Plus (Sections 3; 18.2.1 and 18.2.2), can become members of the Freedom Front Plus;

18.2. 'n Persoon het die keuse om aansoek te doen om 'n aktiewe of gewone lid te word;

18.2. A person can choose to apply to become either an active or an ordinary member;

18.3. Alle persone wat lede van die Vryheidsfront Plus wil word, word as sodanig geagby voltooiing van 'n aansoek om lidmaatskap en goedkeuring daarvan deur die toepaslike Partyliggaam. By voltooiing van sodanige aansoek om lidmaatskap word die aansoeker geag om die volgende te onderskryf:

18.3. All persons who want to join the Freedom Front Plus are considered members of the Party upon completing an application for membership and its approval by the relevant Party body. After completing the said application for membership, the applicant is deemed to agree with and support the following:

18.3.1. Die Missie van die Vryheidsfront Plus soos omskryf in artikel 3 van hierdie Grondwet;

18.3.1. The Mission of the Freedom Front Plus as stipulated in Section 3 of this Constitution;

18.3.2. Die Stigtingsgrondslag van die Vryheidsfront Plus naamlik:

18.3.2. The Foundational Premise of the Freedom Front Plus, namely:

- | | |
|--|--|
| <p>18.3.2.1. Dat alle lede aanvaar dat God-Drie-Enig oor die lotgevalle van volke en nasies beskik en dat ons as volksgenote onderneem om tot eer van God te leef;</p> | <p>18.3.2.1. That all members acknowledge that the Triune God determines the fate of people and nations and that as compatriots we undertake to live our lives so as to glorify God;</p> |
| <p>18.3.2.2. Dat Afrikanervolkseenheid bevorder moet word;</p> | <p>18.3.2.2. That Afrikaner national unity must be promoted;</p> |
| <p>18.3.2.3. Dat die Afrikervolk se reg op selfbeskikking, dit wil sê die reg om in sy eie staat oor homself te regeer, nagestreef sal word as 'n ononderhandelbare reg;</p> | <p>18.3.2.3. That the Afrikaner nation's right to self-determination, that is the right to govern itself in its own state, will be pursued as a non-negotiable right;</p> |
| <p>18.3.2.4. Dat 'n eenheidstaat en enige ander staatsvorm waarbinne andere staatkundig oor die Afrikanervolk kan regeer en waar hy deur ander verswelg mag word, vir die Vryheidsfront Plus onaanvaarbaar is;</p> | <p>18.3.2.4. That a unitary state as well as any other form of state where others can politically govern the Afrikaner nation and where it may possibly be assimilated by others is unacceptable to the Freedom Front Plus;</p> |
| <p>18.3.2.5. Dat wet en orde so gehandhaaf moet word dat vrede en veiligheid gewaarborg en misdaad en geweld doeltreffend beveg word;</p> | <p>18.3.2.5. That law and order is maintained in such a way that peace and safety are guaranteed and that crime and violence are effectively combated;</p> |
| <p>18.3.2.6. Dat enige vorm van Kommunisme verwerp word en met alle mag tot die beskikking van die Vryheidsfront Plus beveg sal word;</p> | <p>18.3.2.6. That any form of Communism is condemned and that the Freedom Front Plus will oppose it with all its might;</p> |
| <p>18.3.2.7. Dat 'n konfederale Beleid vir Suider-Afrika nagestreef en bevorder sal word.</p> | <p>18.3.2.7. That a Confederal policy for South Africa will be pursued and promoted.</p> |
| <p>18.3.3. Die volgende verklaring van lojaliteit:</p> | <p>18.3.3. The following declaration of loyalty:</p> |
| <p>18.3.3.1. Ek verbind my uit vrye wil om onverdeelde lojaliteit aan die Vryheidsfront Plus te betuig en om die verpligtinge verbonde aan my lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus volgens hierdie Grondwet, getrou na te kom;</p> | <p>18.3.3.1. Out of my own free will, I commit to demonstrate undivided loyalty to the Freedom Front Plus and I undertake to faithfully perform the duties associated with my membership to the Freedom Front Plus according to this Constitution;</p> |
| <p>18.3.3.2. Ek onderwerp my aan die gesag en tug van die Vryheidsfront Plus se organisasie volgens hierdie Grondwet;</p> | <p>18.3.3.2. I subject myself to the authority and discipline of the Freedom Front Plus's organisation according to this Constitution;</p> |
| <p>18.3.3.3. Ek is nie lid van en/of assosieer my nie met enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking wat deur die Federale Raad geag word in stryd te wees met die beginsels of belange van die Vryheidsfront Plus nie;</p> | <p>18.3.3.3. I am not a member of nor am I associated with any other political party or political organisation with a political intent that is deemed by the Federal Council as being in conflict with the principles and interests of the Freedom Front Plus;</p> |

18.3.3.4. Indien ek, nadat ek aangesluit het by die Vryheidsfront Plus, lidmaatskap aanvaar van of my assosieer met enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking wat deur die Federale Raad geag word in stryd te wees met die beginsels of belange van die Vryheidsfront Plus, dit geag sal word dat ek onmiddellik daarmee outomaties my lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus beëindig het.

18.3.4. 'n Aktiewe Lid van die Vryheidsfront Plus ressorteer onder die jurisdiksie van die Tak waar sy lidmaatskap gehou word.

18.4. AKTIEWE LEDE

18.4.1. 'n Aktiewe lid moet jaarliks ledegeld waarvan die bedrag deur die Federale Raad bepaal word, betaal.

18.4.2. Toelating van aktiewe lede:

18.4.2.1. Benewens die bepalings van artikel 18.1 tot 18.3.3.4 kan 'n persoon slegs 'n aktiewe lid van die Party word mits hy by die bestuur van die Tak in wese gebied hy woon op die voorgeskrewe vorm om aktiewe lidmaatskap van die Party aansoek gedoen het en mits die Takbestuur hom as lid toelaat;

18.4.2.2. Die lidmaatskap van 'n aktiewe lid geld van die datum waarop hy deur die Takbestuur as lid toegelaat is;

18.4.2.3. 'n Takbestuur kan weier om 'n persoon as aktiewe lid van die Party toe te laat, onderworpe aan die reg van appèl na die Provinsiale Partyraad.

18.4.3. 'n Aktiewe lid:

18.4.3.1. is verkiesbaar as ampsdraers binne strukture van die Party

18.4.3.2. mag as kandidaat vir 'n openbare amp deur die Party genomineer word volgens die betrokke nominasieprosedure, soos deur die Federale Raad goedgekeur.

18.3.3.4. Should I, after joining the Freedom Front Plus, become a member of or associate with any other political party or political organisation with a political intent that is deemed by the Federal Council as being in conflict with the principles and interests of the Freedom Front Plus, then I will in so doing immediately and automatically terminate my membership to the Freedom Front Plus.

18.3.4. An active member of the Freedom Front Plus falls under the jurisdiction of the Branch where his / her membership is held.

18.4. ACTIVE MEMBERS

18.4.1. An active member must annually pay membership fees to the amount determined by the Federal Council.

18.4.2. Admission of active members:

18.4.2.1. In addition to the stipulations in Sections 18.1 to 18.3.3.3, a person can only become an active member of the Party if he / she applied for active membership to the Party on the prescribed application form for active membership with the management of the Branch in whose region he / she resides and only if the relevant Branch Management admits him / her as such a member;

18.4.2.2. The membership of an active member is valid from the date on which he / she was admitted as such a member by the Branch Management;

18.4.2.3. A Branch Management may refuse to admit a person as an active member to the Party, subject to that person's right to appeal to the Provincial Party Council.

18.4.3. An active member:

18.4.3.1. is eligible for election as an official within the Party's structures;

18.4.3.2. may be nominated by the Party as a candidate for a public office in terms of the relevant nomination procedure as adopted by the Federal Council.

18.4.4. Die volle jaarlikse ledegeld van 'n aktiewe lid moet teen 14 dae voor enige vergadering waarop die lid as stemgeregtigde deelneem of verkiesbaar tot enige amp is of se nominasie as kandidaat van die Party vir enige openbare amp oorweeg word, opbetaal wees.

18.4.4. The full annual membership fees of an active member must be paid up 14 days before any meeting where the said member has voting rights and participates in voting or where the said member is eligible for election to any office or where the said member's nomination as candidate for the Party for any public office is considered.

18.5. GEWONE LEDE

18.5. ORDINARY MEMBERS

18.5.1. 'n Gewone lid:

18.5.1. An ordinary member:

18.5.1.1. het geen verpligte ledegeld betaalbaar nie,

18.5.1.1. has no obligation to pay membership fees;

18.5.1.2. word nie verplig om aan 'n tak te behoort nie,

18.5.1.2. has no obligation to join a Branch;

18.5.1.3. mag aan 'n tak behoort indien die betrokke takbestuur dit sodanig goedkeur,

18.5.1.3. may join a Branch if the relevant Branch Management approves it as such;

18.5.1.4. het stemreg op die betrokke tak,

18.5.1.4. has voting rights in the relevant Branch;

18.5.1.5. is nie verkiesbaar tot enige ampte binne enige strukture van die Party nie,

18.5.1.5. is not eligible for election to any offices within the Party's structures;

18.5.1.6. mag nie genomineer word om as kandidaat van die Party vir enige openbare amp verkies te word nie.

18.5.1.6. may not be nominated as a candidate for the Party for election to any public office.

18.6. TOELATING VAN LEDE

18.6. ADMISSION OF MEMBERS

18.6.1. 'n Takbestuur kan weier om 'n persoon as lid van die Party toe te laat, onderworpe aan die reg van appèl na die Provinsiale Partyraad.

18.6.1. A Branch Management may refuse to admit a person as a member to the Party, subject to that person's right to appeal to the Provincial Party Council.

18.7. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP EN TUGSTAPPE

18.7. TERMINATION OF MEMBERSHIP AND DISCIPLINARY STEPS

18.7.1. 'n Lid hou op om lid van die Vryheidsfront Plus te wees wanneer:

18.7.1. A member is no longer a member of the Freedom Front Plus when:

18.7.1.1. Hy/sy skriftelik bedank as lid van die Vryheidsfront Plus;

18.7.1.1. He / she resigns as a member of the Freedom Front Plus in writing;

18.7.1.2. Hy/sy sterf;

18.7.1.2. He / she dies;

18.7.1.3. Sy/haar lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus beëindig word.

18.7.1.3. His / her membership to the Freedom Front Plus is terminated.

18.7.2. 'n Lid se lidmaatskap kan deur die Takbestuur, wat jurisdiksie oor hom het, voorlopig of finaal beëindig word;

18.7.2. A member's membership can be temporarily or permanently terminated by the Branch Management that has jurisdiction over him / her;

- 18.7.3. 'n Provinsiale Partyraad kan 'n lid se lidmaatskap voorlopig of finaal beëindig;
- 18.7.4. Die Federale Raad kan enige lid van die Vryheidsfront Plus se lidmaatskap beëindig en sodanige beslissing is finaal;
- 18.7.5. Die beëindiging van 'n lid se lidmaatskap deur die Federale Raad is finaal;
- 18.7.6. 'n Lid wie se lidmaatskap in sy afwesigheid beëindig word of wie se appèl in sy afwesigheid van die hand gewys word, moet onmiddellik daarna, per e-pos of per geregistreerde brief daarvan in kennis gestel word;
- 18.7.7. 'n Lid wie se lidmaatskap beëindig is, maar nog onderworpe is aan appèl, word geag 'n lid met opgeskorte lidmaatskap te wees;
- 18.7.8. Vir die doeleindes van hierdie Grondwet beteken opgeskorte lidmaatskap dat so 'n persoon sy lidmaatskap behou, maar aan geen vergaderings of prosesse van die Vryheidsfront Plus kan deelneem nie;
- 18.7.9. Indien hy/sy 'n valse verklaring aan die Party gemaak het, hetsy in enige nominasievorm of mondelings in die proses van die nominasie van aspirant-kandidate, of enige proses wat gevolg is ten einde hom/haar aan te wys as kandidaat of om in 'n openbare amp aangestel te word in welke geval sy/haar lidmaatskap van die Vryheidsfront Plus onmiddellik outomaties beëindig sal word.
- 18.7.10. Wanneer 'n lid se tugstappe verstryk, stel die Federale Hoofkantoor die lid daarvan in kennis.
- 18.8. REGSBEVOEGDHEID VAN ONDERSKEIE TUGLIGGAME
- 18.8.1. Die Federale Raad se beslissing binne die Vryheidsfront Plus is finaal en nie vatbaar vir appèl nie;
- 18.8.2. Al die ander tugliggame se beslissings is onderhewig aan appèl na die gesagsliggaam in hoër orde as die verhoorliggaam, of indien die appellant 'n skriftelike versoek aan die betrokke Provinsiale Partyraad rig, na sodanige liggaam as wat die gemelde Provinsiale Partyraad aanwys, maar die finale beslissing berus by die Provinsiale Partyraad;
- 18.7.3. A Provincial Party Council can temporarily or permanently terminate a member's membership;
- 18.7.4. The Federal Council can terminate any member of the Freedom Front Plus's membership and such decision is final;
- 18.7.5. The termination of a member's membership by the Federal Council is final;
- 18.7.6. A member whose membership is terminated in his / her absence or whose appeal is dismissed in his / her absence, must be informed immediately either via email or registered mail;
- 18.7.7. A member whose membership has been terminated but is still subject to appeal is deemed a member with a suspended membership;
- 18.7.8. For the purposes of this Constitution, a suspended membership means that a person retains membership, but may not participate in any meetings or processes of the Freedom Front Plus;
- 18.7.9. In cases where a person made a false declaration to the Party, whether in any nomination form or verbally in the process of the nomination of aspiring candidates or in the course of any process that was followed to appoint him / her as a candidate or to appoint him / her in a public office, his / her membership to the Freedom Front Plus will be immediately and automatically terminated;
- 18.7.10. When the time period for a member's disciplinary action expires, the Federal Head Office will notify the member.
- 18.8. LEGAL POWERS OF THE VARIOUS DISCIPLINARY BODIES
- 18.8.1. The Federal Council's decision within the Freedom Front Plus is final and not amenable to appeal;
- 18.8.2. All the other disciplinary bodies' decisions are subject to appeal to the authoritative body that is superior to the trial body, or if the appellant addresses a written request to the relevant Provincial Party Council, to a body appointed by the Provincial Party Council, but the final decision rests with the Provincial Party Council;

- 18.8.3. Indien 'n tugliggaam ressorteer onder die gesag van die Federale Raad word 'n versoek soos hierbo genoem, aan die Federale Raad gerig en die Federale raad wys die appèlliggaam aan, maar die finale beslissing berus by die Federale Raad;
- 18.8.4. Die tug- en appèlliggaam van finale instansie is die Federale Raad soos geadviseer deur die Regskomitee van die Federale Raad soos saamgestel in artikel 7.4.7.3 en wat funksioneer ingevolge die Tugreglement;
- 18.8.5. Die Tugreglement is die tugreglement soos uiteengesit in Aanhangsel "A" tot hierdie Grondwet.
- 18.9. HERSTEL VAN LIDMAATSKAP
- Indien 'n lid wie se lidmaatskap beëindig is of indien hy/sy bedank het en begeer om as lid van die Vryheidsfront Plus herstel te word, moet hy/sy deur bemiddeling van die Takbestuur waar hy/sy tuishoort, by die Federale Raad daarom aansoek doen. Die Federale Raad se beslissing is finaal.
- 18.10. KWALIFIKASIE VAN AMPSDRAERS EN AMPTENARE
- Iemand wat nie lid van die Vryheidsfront Plus is nie, mag geen amp of posisie in die Party beklee of aspirantkandidaat of amptelike kandidaat van die Party wees nie.
- 18.11. KWALIFIKASIES VAN KANDIDATE
- 'n Persoon word slegs as aspirantkandidaat of amptelike kandidaat van die Party benoem mits hy/sy:
- 18.11.1. Nie deur wetgewing gediskwalifiseer is om as lid van sodanige liggaam waartoe hy/sy verkies wil word, te dien nie;
- 18.11.2. Hy/sy 'n lid van die Vryheidsfront Plus is en die toepaslike verklaring onderteken het;
- 18.11.3. Hy/sy behoorlik genomineer is ingevolge die bepalings soos deur die Federale Raad bepaal;
- 18.11.4. Hy/sy die Stigtingsgrondslag, Missie, Beleid en Etiese Kode van die Vryheidsfront Plus heelhartig ondersteun.
- 18.8.3. If a disciplinary body falls under the authority of the Federal Council, a request as mentioned above is addressed to the Federal Council and the Federal Council appoints an appeal body, but the final decision rests with the Federal Council;
- 18.8.4. The disciplinary and appeal body of final instance is the Federal Council as advised by the Legal Committee of the Federal Council, composed as stipulated in Section 7.4.7.3 and which functions in accordance with the Disciplinary Code.
- 18.8.5. The Disciplinary Code is the disciplinary code as set out in Addendum A to this Constitution.
- 18.9. REINSTITUTION OF MEMBERSHIP
- If a member's membership was terminated or if he / she resigned from Party membership, but desires to be reinstated as a member of the Freedom Front Plus, he / she must apply to the Federal Council for reinstatement through the mediation of the Branch Management under which he / she falls. The Federal Council's decision is final.
- 18.10. QUALIFICATION OF OFFICE BEARERS AND OFFICIALS
- A person who is not a member of the Freedom Front Plus may not hold any office or position in the Party nor may he / she be an aspiring candidate or an official candidate for the Party.
- 18.11. QUALIFICATION OF CANDIDATES
- A person can only be appointed as an aspiring candidate or an official candidate for the Party if he / she:
- 18.11.1. Is not disqualified by legislation from serving as a member of the body that he / she wants to be elected to;
- 18.11.2. He / she is a member of the Freedom Front Plus and signed the relevant declaration;
- 18.11.3. He / she was nominated in accordance with the stipulations determined by the Federal Council;
- 18.11.4. He / she wholeheartedly supports the Foundational Premise, Mission, Policy and Ethical Code of the Freedom Front Plus.

19. ARTIKEL 19: VLAG EN EMBLEEM

- 19.1. Die strydvlag van die voormalige Boererepublieke tans bekend as die Vryheidsvlag van die Afrikaner, is die amptelike vlag van die Vryheidsfront Plus en moet by alle openbare byeenkomste van die Vryheidsfront Plus vertoon word;
- 19.2. Die embleem van die Vryheidsfront Plus is die embleem soos goedgekeur deur die Federale Raad en moet by alle openbare byeenkomste van die Vryheidsfront Plus vertoon word.

20. ARTIKEL 20: ALGEMEEN

- 20.1. In soverre enige spesifieke saak nie hierin gereël is nie, kan die Federale Raad voorskrifte daarvoor uitvaardig;
- 20.2. Regsverteenvoordinging sal toegelaat word in tugsake. Regskoste sal gedra word deur die betrokke wat van regsverteenvoordinging en/of regsmanings gebruik maak;
- 20.3. Vir alle liggame en besture van die Party geld die reël dat indien 'n vergadering korrek belê is en 'n kworum nie opdaag nie, word 'n volgende vergadering belê volgens dieselfde vereistes as in gewone omstandighede. By sodanige opvolgende vergadering is die aanwesige lede 'n kworum;
- 20.4. Notule van alle organisasievergaderings van die Vryheidsfront Plus moet gehou word;
- 20.5. Elke Bestuur voer die besluite en opdragte van die Bestuur hoër op uit;
- 20.6. Wanneer 'n Bestuur versuim om stappe te neem teen 'n lid, amptenaar of aspirant-kandidaat van die Party wat in stryd met die Grondwet handel, kan die Bestuur op 'n hoër vlak, na raadpleging met die betrokke Bestuur, die nodige stappe doen;
- 20.7. By reorganisasie bly alle uittredende lede van 'n bestuur in hulle poste aan totdat hulle opvolgers gekies is;
- 20.8. By uittrede moet sodanige bestuurslede al die gelde, boeke en ander dokumente, bates en besittings van die Party met 'n inventaris aan hulle opvolgers oorhandig;
- 20.9. 'n Hoër Bestuur kan sy bevoegdheid of bevoegdhede aan 'n laer Bestuur deleger;

19. SECTION 19: FLAG AND LOGO

- 19.1. The battle flag of the former Boere Republics, currently known as the Freedom Flag of the Afrikaner, is the official flag of the Freedom Front Plus and must be displayed at all public gatherings of the Freedom Front Plus;
- 19.2. The logo of the Freedom Front Plus is the logo adopted by the Federal Council and must be displayed at all public gatherings of the Freedom Front Plus;

20. SECTION 20: GENERAL

- 20.1. Inasmuch as any specific matters are not addressed and regulated by this Constitution, the Federal Council can issue stipulations regarding such matters;
- 20.2. Legal representation is allowed in disciplinary hearings. Legal costs must be covered by the relevant person who makes use of legal representation and / or legal counsel;
- 20.3. The following rule applies to all Party bodies and managements: if a meeting was correctly convened and a quorum does not attend, a subsequent meeting is convened according to the same requirements that apply in normal circumstances. At such a subsequent meeting, the members present constitute a quorum;
- 20.4. Minutes must be taken of all organisational meetings of the Freedom Front Plus;
- 20.5. Every management executes the instructions of the superior management;
- 20.6. When a management fails to take the necessary steps against a member, official or aspiring candidate whose actions are in contravention of this Constitution, the superior management may, in consultation with the relevant management, take the necessary steps;
- 20.7. With reorganisation, all outgoing members of a management remain in their positions until their successors have been elected;
- 20.8. Upon retirement, members of management must hand over all monies, books and other documents, assets and possessions of the Party along with an inventory to their successors;
- 20.9. A higher management may delegate its capacity or its powers to a lower management;

- 20.10. By openbare vergaderings, konferensies of byeenkomste van die Party word met skriflesing en gebed geopen en met gebed afgesluit;
- 20.11. Geen vergadering of besluit op 'n vergadering geneem, sal ongeldig wees bloot omdat enige lid nie kennis van so 'n vergadering gekry het nie. Sodanige lid sal egter, nadat hy bewys gelewer het dat daar nie behoorlik kennis gegee is van die bepaalde vergadering nie, geregtig wees om te versoek dat enige besluit op die bepaalde vergadering geneem, vir heroorweging gestel moet word. Heroorweging kan egter slegs na die lees van die betrokke notule en voor goedkeuring daarvan geskied.
- 20.12. In alle stemmings in die Vryheidsfront Plus waar daar tussen individue gekies moet word ter vulling van enige pos, word van 'n geheime stemming by wyse van stembriewe gebruik gemaak;
- 20.13. Die boekjaar van die Vryheidsfront Plus strek van 1 April tot 31 Maart;
- 20.14. In alle bepalings van hierdie Grondwet waarna een geslag verwys word, sluit dit ook die ander geslag in;
- 20.15. Alle dissiplinêre optredes op Tak-, Provinsiale- of Federale vlak moet geskied ingevolge die Tugreglement van die Vryheidsfront Plus.

21. ARTIKEL 21: WYSINGS

- 21.1. Die Missie van die Vryheidsfront Plus, artikels 7.1, 7.2, 7.2.1, 7.2.2, 7.2.3, 7.2.4, 7.2.5, 7.2.6, 7.2.7, 7.2.8 en artikel 21 kan slegs deur 'n driekwart meerderheid van stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Federale Raad geneem by twee opeenvolgende vergaderings van die Federale Raad verander word;
- 21.2. Die Beleid van die Vryheidsfront Plus kan slegs deur 'n tweederde meerderheid van stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering die Federale Raad by twee opeenvolgende vergaderings van die Federale Raad verander word;
- 21.3. Behoudens die bepalings van Artikel 21.1 en 21.2 kan die Grondwet van die Vryheidsfront Plus deur 'n meerderheidsbesluit van stemgeregtigde afgevaardigdes teenwoordig by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Federale Raad verander word.

- 20.10. All public meetings, conferences or gatherings of the Party are opened with a prayer and Scripture reading and are closed with a prayer;
- 20.11. No meeting nor any decision taken during a meeting will be invalid simply because a member did not receive notice of the meeting. Such a member, however, does have the right to request that any decision(s) taken during that particular meeting must be reconsidered after providing proof that proper notice of the particular meeting was not given. Reconsideration may only take place after the particular meeting's minutes were read and before they have been approved;
- 20.12. In all instances of voting in the Freedom Front Plus where individuals must be elected to fill any positions, voting takes place by means of a secret ballot;
- 20.13. The Freedom Front Plus's financial year ranges from 1 April to 31 March;
- 20.14. All stipulations of this Constitution that only refer to one gender, also include the other gender;
- 20.15. All disciplinary actions taken on Branch, Provincial or Federal level must be in accordance with the Disciplinary Code of the Freedom Front Plus.


21. SECTION 21: AMENDMENTS

- 21.1. The Mission of the Freedom Front Plus, Sections 7.1, 7.2, 7.2.1, 7.2.2, 7.2.3, 7.2.4, 7.2.5, 7.2.6, 7.2.7, 7.2.8 and Section 21, can only be amended by a three-quarters majority of delegates with voting rights present at two consecutive and properly constituted meetings of the Federal Council.
- 21.2. The Policy of the Freedom Front Plus can only be amended by a two-thirds majority of delegates with voting rights present at two consecutive and properly constituted meetings of the Federal Council.
- 21.3. Subject to the stipulations in Sections 21.1 and 21.2, the Constitution of the Freedom Front Plus can be amended by a majority decision of delegates with voting rights present at a properly constituted meeting of the Federal Council.




DR. PJ GROENEWALD

Party Leier
Party Leader



ADV. AdW ALBERTS

Nasionale Voorsiter
National Chairperson



MNR. PJH DE NECKER

Hoof Uitvoerende Beampte
Chief Executive Officer